

VAALRIVIER
DIE
BROEDERSTROOM

OF „DIE UITEINDE
VAN GENERAAL
C. F. BEYERS.



DEUR S. P. E. BOSHOFF.

MET PORTRETTE, PLATE EN PRENTE, ENS., ENS.

UITGEGEE DEUR
„HET VOLKSBLAD”-DRUKKERIJ,
Postbus 267.
BLOEMFONTEIN.

Aan die

AFRIKAANSE VOLK,

*vir wie se konstitusionele regte, heilige eergevoel en
goddelike vryheidssin Generaal Beyers sý onbevleete
lewe opgeoffer het, dra ek, met alle beskeidenheid,
hierdie eersteling van mij op.*

VOORWOORD.

'n Woord van verduideliking ten opsigte van die een en ander in die werkie, wat ek hiermee in alle beskeidenheid die leser aanbied, sal hier seker verskoonbaar wees.

Om deur lesers en beoordelaars reg verstaan te word, wil ek die bedoeling van hierdie werkie duidelik formuleer.

Die Inhoud.—Mij eerste bedoeling met hierdie werkie is om vir die toekomstige historikus van ons Vaderlandse Geskiedenis enkele historiese feite uit die eerste hand en so objektief moontlik te boekstaaf. 'n Dilitante-liefhebberij is dit dus nie, ook nie 'n stokperdjie nie, wat vir een of ander bedoeling berij word, en nog minder 'n bodemlose geteoretiseer.

Daarom sal dit seker nie ongepas wees nie om hier korteliks mee te deel hoe die werkie ontstaan is.

Die gebeurtenisse, wat hier vermeld word, en wat in verband staan met die laaste ag dae van Genl. C. F. Beyers se lewe, het ek persoonlik saam met hom deurgelief en deurgeworstel. Daarom is ook die hele verhaal in die eerste persoonsvorm meegedeel. In verband met die hier behandelde gebeurtenisse het ek in die veld 'n dagboek gehou, wat ek later in die gevangenis te Kimberley en daarna weer te Bloemfontein aangevul het deur mij medegevangene, wat die vermelde gebeurtenisse saam met mij deurgemaak het, te ondervra, en deur mij dagboek verder te vergelyk met 'n dergelike memoir, wat op dieselfde manier gehou was deur mij vriend, Mnr. F. J. le Roux, B.A., die Frank van mij verhaal.

Twee persone, wat dieselfde gebeurtenis bijgewoon het, sal, sonder die minste bedoeling om 'n leun te vertel, die saak verskillend voorstel, en daarom is dit nodig om uit die mond van verskillende ooggetuie die feite te krijg, al

was jii self bij die gebeurtenis teënwoordig, want „du choc des opinions jaillit la vérité.” Al die materiaal moes dus versamel en gesif word, en dit het mij, met tussenpose, van die vorige jaar af besig gehou tot nou. Maar gelukkig vir die skrywer was daar 'n buitengewone ooreenstemming in die verklaringe van al die geraadpleegde ooggetuie. Hier kom in die eerst plek 'n woord van dank toe aan Mnr. F. J. le Roux, B.A. en Ds. H. A. Boshoff vir hul gewaardeerde mededeling.

Dan moes ek ook, behalwe uit mij dagboek en die gemelde mededeling, enkele feite in verband met die inhoud van Genl. Beyers se gesprekke met mij, en ook in verband met enkele andere bijsake, deur korrespondensie kontroleer. In verband met mededeling van die aard kom daar hier 'n woord van dank toe aan Mevr. Genl. C. F. Beyers, aan Mevr. Becker van Parijs, aan Mnr. P. G. Beyers van Pretoria, aan Mnr. J. A. Beyers van Kroonstad, en aan Mnr. H. Graphorn van Bothaville.

Af en toe verwijs ek ook, alleen ter wille van die vergelyking, na 'n paar blouw-boeke oor die „Rebellie,” namelik na die „Rapport over het Uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de Onderdrukking van deze” (1915), en na die „Verslag van het Gekozen Komitee op de Rebellie,” (1915.)

Persoonlik het ek die verskillende tonele later self weer besoek, en die portrette daarvan is meestal deur mijself geneem, terwyl die kaarte van die gevegsterreine deur mijself op die plek geteken en later verbeter is.

Die inhoud van die wekrie is dus streng histories, wat die meegedeelde feite betref, selfs tot in die nietige besonderhede van kleredrag ens., en die dialoog is soms 'n bijna letterlike weergawe van die origineel. Natuurlik is daar hier en daar iets, wat minder belangrik is, weggelaat; maar ek vlei mij met die gedagte, dat die werk niks bevat nie, wat nie histories is nie, en dat, as daar historiese foute in is, en dit is bij alle menselike arbeid moontlik, die heel gering en betekenisloos sal wees.

Die Vorm.—Mij bedoeling was om die behandelde feite op dieselfde manier, as Sven Hedin dit in sijn boek oor die Oorlog in Europa en Frank Gericke dit in sijn „Van het Slagveld der Natiën” gedoen het, in te kleed—nie

dat ek in die verste verte mij beskeie werkie met hul meesterstukke wil vergelyk nie, behalwe om aan te toon, dat die metode min of meer dieselfde is.

Ek het derhalwe probeer om in die volgende bladsije die vermelde feite, deur gebruikmaking van dialoog ens. in die eenvoudigste vorm vertellenderwijse voor te stel.

Die titel „Vaalrivier, die Broederstroom” het ek gekies na aanleiding van ’n vers van Totius (Dr. J. D. du Toit) want daarin lê vir mij die grote en grootse gedagte, dat Vaalrivier, wat altijd gedien het om twee dele van ons volk te *skei*, die nou help *sameheg*, en dit nie die minste nie deur die hier vermelde gebeurtenisse.

Medium en Spelling.—As medium het ek natuurlik Afrikaans gebruik, want die Afrikaners, wat nog nie Afrikaans lees nie, is agter die tijd.

Daarbij het ek, met ’n paar uitsonderinge, „Die Afrikaanse Spelreëls soos aangeneem deur die „Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst” op 18 September, 1915,” gevolg.

Die uitsonderinge is die spellinge van:—

- (1) *g'n*, want die Akademie se *gin* lijk vir mij ’n monster as die nagatief van ’n;
- (2) *môrre* (Holl. morgen) en *bêrre* (Holl. w.w. bergen), waar die Akademie *môre* en *bêre* skrywe. Ek gebruik die spelling met dubbele *r*, omdat ek in die woorde *môrre*, *bêrre*, nes in K.P. *sôrre* (Holl. zorgen) K.P. *têrre* (Holl. tergen), en *orrel* (Holl. orgel—die spelling *orrel* neem die Akademie aan) ’n assimilasie sien van *rg* — *rr*, ’n algemene klankverskijnsel in Afrikaans.


DIE SKRIJWER.

Potchefstroom,


Augustus, 1916.

INHOUD.

	PAG
HOOFSTUK I. DIE ONTMOETING ...	13
I. PADDAFONTEIN	13
II. GENL. C. F. BEYERS	19
III. IN DIE TUIN	22
IV. KRIJGSRAAD	45
HOOFSTUK II. DIE RIT VAN DOORN- BERG NA VAALRIVIER	48
I. VAN PADDAFONTEIN NA SLANG- FONTEIN.	48
II. VAN SLANGFONTEIN NA VALSCH- RIVIER	65
III. TUSSEN VALSCHRIVIER EN OTTER- SPRUIT	78
IV. VAN VALSCHRIVIER NA VAAL- RIVIER	89
HOOFSTUK III. DIE DOOD VAN GENL. BEYERS	98
I. DIE LAASTE DAG	98
II. GENL. BEYERS SE DOOD	112



PADDAFONTEIN :—DIE BOEREHUIS MET DIE TUIN
OP DIE AGTERGROND.



PADDAFONTEIN :—DIE WILGERBOME, WAARONDER
ONS GERUS HET, EN DIE DAM.

HOOFSTUK I.

„DIE ONTMOETING.”

I. PADDAFONTEIN.

„Afsaal! burgers, afsaal!—afsaal!”—luid die kommandowoord gedra op die warme windjie, wat, soos ’n swiggende sug, bewend swewe deur die soele somerlug.

„Afsaal! afsaal!” klink die klank van mond tot mond, soos ’n bal deur spelende kinders van die een na die ander gegooi, van voor na agter langs die slingerende rij van afgematte manne te perd, en bij die end van die rij skep *Echo* die klank op, en dra dit van die rooï ijsterklip-randjie na die vrugbare vlei terug—tam repe-terend: „afsaal!”

Dit was woedend warm die dag—die eerste dag van Desember, 1914,—op die plaas Paddafontein van Mnr. Potgieter. Paddafontein lê omtrent drie uur te perd ver van die dorpie Senekal in die Vrijstaat—’n bietjie regs van die grootpad van Senekal af na Ventersburg toe. Die boere-huis, boomgaard, en dam, aan die bokant waarvan ’n windpomp ’n heldere stroom water uitstoot, lê so half skugter weggeskuil in ’n kloof tussen twee lae ijsterklip-randjies na die onderkant toe doodlopende in ’n vrugbare vlei, wat, soos ’n golwegeut tussen die branders in, in kronkelende bogte lekker lepel-lê tussen die warme ijsterklip-randjies, en sig al wijer en wijer uitrek

in die rigting van Koolspruit *). Die randjies kruip aan na hul vader in die verte, Doornberg §), met sij donkere doornbosse, en huiwerig loer hul na benede, na Zandrivier in sij slingerende gang, wat sig soos 'n groot geelslang uitstrek oor die Vrijstaatse vlaktes.

Wondersoet was die woord „afsaal!” die bedrukte Desemberdag, want ons het al van ver op die pad van Bronkhorstfontein †) af met rondloerend-begerige oë uitgekijk na 'n geskikte afsaalplek, en reeds vooruit die aanlokkelik-verkwikkende koelte gekies van 'n paar grote lommerrijke wilgerbome langs die damwal van Paddafontein, waar ons besluit het 'n uurtjie of so uit te rus, want die manne was moeg, en die perde dun en afgemat.

Vóór ons nog, die een haastig voor die ander uitjaende, die vriendelike bome bereik, en één-twee-drie die saals van ons natgeswete perde afruk, hoor ons al *flap!—flap!—flap!*—'n hele kommando reiers vladderend in 'n blouwe swerm nukkerig hul gesoorde rusplek in die wijse wilgertakke verlaat, en klapwiekend aftrek na die bultjie bokant die dam, waar hul in ongereelde klompies gesellig bij mekaar gaan sit, en ewe deftig rondstap,

*) *Koolspruit* lê tussen Ventersburg en Paddafontein, omtrent 'n uur te perd van laasgenoemde plaas af. Sie die kaart van die Vrijstaat agter in die boek.

§) *Doornberg* lê op die walle van Zandrivier, en kort bokant Koolspruit. (Sie die kaart van die Vrijstaat agter in die boek.)

†) *Bronkhorstfontein*, die plaas van Mnr. C. Rautenbach, lê omtrent 'n half uur te perd van Paddafontein af in die rigting van Senekal, en nader aan Zandrivier dan die plaas van Mnr. Potgieter. Ons het die nag van die 30ste November op Bronkhorstfontein geslaap, en die volgende môre vandaar na Paddafontein getrek.

ongewillig om verder weg te vlie, want vir *hulle* was die plek bij *ervaring* „Paddafontein”, die paradys van die reiersgeslag.

Ons het haastig afgesaal, ons dorstige perde water gegee, en geknelter. En toe het ons gaan was. Verkwikkend-heerlik was dit om uit die dam volle bekers met rooiagtige reënwater, waar die stokkerige opdrijsels nog op drijwe, te skep, en dit vrij in biggelende stroompies op jouw matte liggaam uit te giet, na al die vermoeienis, die wind, die stof en die skroeiende somerson.

Die kleine perdekommando daar op Paddafontein met 'n getalsterkte van ongeveer 'n honderd, waarvan die meerderheid gewapend was, maar enkele in die geheel nie, het bestaan uit 'n aantal protesterende ¶) burgers, grotendeels samegesteld uit manne van die distrikte Senekal en Ventersburg.

Dit was nog g'n halfuur nie, of ooral draai spiraalvormig na omhoog deur die ijle blouw 'n rokie, waar 'n boer 'n ongesoute skaapribbetjie op die kole braai, of 'n klein swart koffieketeltjie en soms eenvoudig 'n blikkantientjie, op die vuur sit, om koffie te maak —die *nasionale drank* van die boerevolk. Om die vuur-

¶) Daar ek met die meerderheid van die burgers persoonlik bekend was, en uit hul verklaringe alleen kon opmaak, dat hul gewillig was om stil na huis te gaan, as die Regering hul nie sou opkommandeer nie, en alleen van vrijwilligers na D.S.W.A. sou gebruik maak, kan ek hul alleen „*protesterende burgers*” noem; maar misskien is die naam „*rebelle*” meer verkiesbaar, omdat dit ten minste meer algemeen gangbaar was. Ons teënpartij het ons eenvoudigweg „*die rebelle*” genoem en ons het hul weer gewoonlik „*die khakies*” genoem, of „*die witbande*”, wegens die witbande, wat hul as onderskeidingsteken om die een arm gedra het. Waar ek in hierdie werk die woord „*vijand*” gebruik bedoel dit eenvoudig *teënpartij*.

tjies skaar sig hier en daar 'n groepie manne, wat staan en wag vir die keteltjie, wat vandag moedswillig *) nie gouw wil kook nie, terwyl daar één, neergehurk, die vuur sit en aanblaas, totdat die rook trane in sij oë bring. Tussen die groepies manne kruis daar haastig heen en weer enkele burgers, op een of ander werkie uit. Bokant die dam staan partij perde nog water te drink, terwyl die andere in die sand die sweet afrol, en partij reeds rustig loop en vreet.

„Fanie”, sê Jan teën mij, terwyl ek dit alles half onverskillig staan en aankijk, „loop, as-jou-blijf, bietjie daar na die huis toe, en kijk of jij nie jouw waterkannetjie vol melk kan te koop §) krij nie. Melk sal vanmôrre moes vir 'n *verandering* nie sleg bij die koffie en die pap smaak nie.”

„Koos, kêrel, bring bietjie water, dat ons kan pap en koffie maak.” „Gert, man, maak 'n klompie hout bij mekaar, as jij nie omgee nie, en help vir Willem, want hij is al besig om vuur te maak.”

„Toe nou, Frank,” sê Koos opgeruimd, „roer jou, ou kêrel, jij moet nie altijd te lui wees om te help kos maak nie. As jij wil saam *eet*, dan moet jij saam *werk*.”

„Ag, man, jij weet tog, dat ek nie kan kos maak nie,” antwoord Frank kalm-bedaard, met sij hande in sij broeksakke.

*) Die boere het 'n geloof, of liever 'n bijgeloof, dat, as jij 'n ketel staan en aankijk, en wag dat hij moet kook, dan kook hij nie gouw nie. Die bijgeloof is waarskynlik gebore uit die ervaring van teleurgestelde verwagting, wanneer die ketel nie so gouw kook nie, as deur die wagtende persoon bereken was.

§) Ons klompie manne het ten minste kontant betaal vir alles, wat ons op die boereplase geniet het, en het dus nie die naam van „*rowerbende*” verdien nie, wat die Jingo-krante ons almaal oor één kam toegeswaai het.

En terwyl ek mij weg oor die damwal volg na die woonhuis toe, met mij plat-ronde waterkannetjie in die linkerhand en mij geweer in die regter, staan Jan Boshoff 'n skaapribbetjie in stukke en snij van twee-twee ribbebene bij mekaar, en lê die op die vuur, waarop Koos Barnard 'n keteltjie en 'n blikkantientjie met water neersit om koffie en pap te maak, terwyl sij broer Willem en Gert van Niekerk houtjies en droë wilgertakke na die vuur toe aandra, en Frank le Roux in sij sakke staan en snuffel na 'n paar twakkrummeltjies om te rook, want die rook was bij sij ete net so onmisbaar, as die mieliemeel-pap en die braairibbetjie, wat *andere* gewoonlik vir hom moes gaar maak.

In plaas van met 'n kannetjie melk, wat die môrre op Paddafontein vir g'n geld te krije was nie, kom ek 'n paar minute daarna aanloop met 'n paar goeie gerwe voer vir ons perde, wat net so snoep daarna was, as Frank na die twakkrummeltjies, wat hij die keer nie kon krij nie.

„Môrre ! kêrels, môrre !” sê 'n vreemdeling, wat onverwags op ons afkom, en 'n blouw †) band, as onderskeidingsteken, om sij hoed dra; „gee bietjie 'n stuk vlijs om te braai, kêrels.”

„*Ons* deel nie hier vlijs uit nie, en *ons* is ook nie somer *iedereen* se „*kêrels*“ nie; maar wie is *jij* misskien ?” vra Jan sarkasties-glimlaggend.

†) 'n Klompie mense het saam met Genl. Beyers en Genl. Conroy bij ons uitgekóm op Paddafontein, en het blouw bande om hul hoede gedra as 'n soort onderskeidingsteken, en hul het dan ook bij ons bekend gestaan as „*die blouw-bande*.” Later sal ek hul eenevoudig „*die blouw-bande*” noem. Hul was meestal mense van Kopjes.

„Ek is 'n *Veldkornet*,“ was die antwoord uit die hoogte.

„Kom kijk hier, kêrels, hier is 'n *Veldkornet*!“ skreeuw Jan, spottend, „het *julle* al ooit so'n ding gesien? 'n *Veldkornet*! kom kijk!“

En terwyl die groepie ¶) vriende om hom heen skaterlag oor Jan se geestigheid, draai ons onbekende besoeker skielik om, en stap nukkerig weg.—Hij het op daardie oomblik nie aptijt gehad vir *lag* nie, en minder nog vir Jan se snaaksheid en onvergeeflike disrespek vir sij veldkornetswaardigheid; maar aptijt het hij ongetwiefeld gehad vir ons lekker braairibbetjie, waarvan die aangename geur hom seker nie ontsnap het nie. En daarom was Jan se aanmerking waarskynlik juis dubbelonaangenaam gewees.

Terwyl die blikkantientjie pap nog skommelend op die vuur staan en kook, die koffieketeltjie bietjies-bietjies water bij die tuit laat uitkook, en die skaapribbetjie sissend in die as lê en braai, soek elkeen van ons 'n lekker lê-plekkie uit om heerlijk uit te rus in die skadewee van die koele wilgerbome, waaruit die laaste reier reeds gevlug was. Oor ons hoofd laat die aandagtige treurwilgers hul lower-lede lomerig hang, afgemat deur die louwte

¶) Op kommando het ons 'n klein vriende-kringetjie gevorm van *nege* lede, bestaande uit mij twee broers, Ds. Hendrik Boshoff en Jan Boshoff, mij swaer E. von Moltke, Mnr. Frank le Roux, B.A., die twee broers Gert en Koos van Niekerk, die broers Willem en Koos Barnard, en ek. Met 'n verskoonbare bietjie selfingenomenheid het ons, wegens ons ledetal, onself die naam toegeken van die kranige Duitse Onderseeboot, die „U9.“ Vijf lede van die „U9“ is gevang waar Genl. Beyers ver-
 ink is.

van die lug; maar daar agter, verder die tuin in, beur die selftevrede popeliere, met hul skrale blare-pak fier omhoog, die blouwe lug in.

Skaars het ek mij onder 'n reusagtige wilgerboom op mij rug gegooi, met mij hoed oor mij oë en mij kop tussen die saalklappe in—die harde kussing van die veld—en in 'n newelagtige toestand van half-bewussijn begin weg te dommel, of ek hoor opeens iemand na mij roep.

„Fanie!” roep dominee Hendrik Boshoff, „hul sê, daar is iemand in die tuin wat jou wil sien.”

Ek het net één verlangende kijk na die koffieketeltjie gegee en toe is ek die tuin in, met mij kort *) „Lee-Metford” oor mij regter skouer en mij patroonband oor die linker—nuwsgierig om te weet, wie mij dan wel wou sien, en ongeduldig om te hoor waaroor.

II. GENL. C. F. BEYERS.

Toe ek 'n endjie die tuin in was, nadat ek deur die draadheining gekruip het, merk ek, dat iemand—waarskijnlik die persoon, wat mij kom roep het—op 'n korte afstand mij met die voorvinger in 'n half-onbepaalde rigting die tuin in wijs, en daar sien ek, 'n endjie verder, vlak voor mij, iemand staan—'n forse manlike ge-

*) Eigenlik was dit 'n “Lee-Enfield”; maar omdat die verskil tussen 'n “Lee-Metford” en 'n “Lee-Enfield” so gering is, en die naam “Lee-Metford” meer algemeen bekend is, het ek die meer bekende naam gekies.

stalte met 'n fiere houding, regop, soos die popeliere agter hom in die tuin §).

Op sij kop het hij 'n vaal velthoed, waarvan die bol rond uitgedruk is na buite as 'n beskerming teën die bijna ondraaglike hitte, en vir dieselfde doel is 'n rooi-en-geel-gevlekte sijsakdoek los en swierig om sij sterke nek geslinger. Hij het 'n donker-blouw serge-baatjie en 'n dik geel-bruin verweelagtige †) rijbroek aan, wat van onderkant die knieë of wegduik in 'n paar kamaste, wat skaars sigbaar is deur die lang wit grashalme heen, waardeur sij flikkerende spore tog af en toe flitsend die skitterende sonlig weerspieël, soos vonkies, wat vinnig van 'n aanbeeld spat. Om sij skouer hang 'n houtgekolfde Mauserpistool, en om die ander 'n verkijker in 'n leërsak. Hij is donkerbruin gebrand deur die skroeiende Afrikaanse son, en ongeskeerd, maar sij houding is imponent-militêr, en die van 'n man, wat gewoon is om te beveel en onmiddellik gehoorsaam te word,— 'n man van ontwikkeling en kultuur, maar gestaald deur die harde natuur. Terwijl daar om sij ferme mond 'n vriendelike glimlag speel, wat ook in sij heldere oë sigbaar is, steek hij sij hand na mij toe uit, en terwijl ek met sij bruingebrande mannehand in mijne staan, en hom stip in sij sterke oë kijk, nog half onseker wie ek voor mij het, want g'n één van ons twee praat 'n enkel woord, doem sij beeld gedagtesnel op voor mij geestes-oog, soos hij innemend-vriendelik daar voor ons gestaan

§) Die portret van Genl. Beyers, geneem kort na die Anglo-Boere Oorlog, gee 'n tamelike voorstelling van hoe hij daar gedurende die laaste paar dae van sij lewe uitgesien het. Sie teën-oor p. 28.

†) Eenvoudig 'n dik soort Olifants-koord, iets anders dan "Corduoy."

het in ons Afrikaanse ¶) Leeskamer in Amsterdam, waar 'n portret van hom in uniform aan die muur hang—ja, toe was hij nog Generalissimo van die Suidafrikaanse Strijdmagte, en nou?—nou staan hij hier voor mij as 'n getrouwe burger van sij vaderland, nie in 'n Engelse uniform nie, maar in 'n uitrusting soos sij kommando-pak §) van die Anglo-Boere Oorlog. Voor mij staan niemand anders dan Christiaan Frederik Beyers, 'n getrouwe vaderlander, wat getrouweheid †) aan sij Volk as sij eerste plig beskou—en daarom hier staan, en daarom.....

„Goeien dag!” sê hij vriendelik, met 'n hartelike handdruk, „studente word nou ook soldate nè?”

„Dag, Generaal!” stamel ek van louter geluk, van vreugde om daar op die Vrijstaatse veld onder die heldere hemel bij 'n man te wees,—bij 'n man!

„Kom ons gaan sit hier onder hierdie bome,” sê hij, „ek het nog 'n paar andere vriende hierheen laat roep, sodat ons hier *alleen* kan wees, en ongehinderd lekker saam kan sit en praat.”

¶) Ek bedoel die Suidafrikaanse Studente Leeskamer, Nassau Kade 369, Amsterdam, Holland, waar die Afrikaanse Studente hom ontvang het op sij laaste reis na Europa.

*) Ek gee hier die ander portret van hom eigenlijk as 'n interessante teënstelling met die eerste—die *Boere-Generaal* teënoor die *Brigade-Generaal*. Sie teënoor p. 44.

§) Uit 'n vergelyking van die eerste portret met die beskrywing hier, sal blyk, dat die pak, wat hij gedurende die Rebelle aan gehad het, ons sterk herinner aan sij kommando-pak van die Anglo-Boere Oorlog.

†) Ek sinspeel hier op 'n woord van hom, dat Genl. Louis Botha hom te kenne gegee het, dat hij 'n gek van homself gemaak het deur te bedank, en dat sij antwoord daarop was, dat hij getrouweheid aan sij Volk, en nie aan die Britse Rijk, as sij eerste plig beskou.

Swijgend van blijdschap en verwagting stap ek naas hom na 'n paar treurwilgers verder die tuin in, waar die geroepe vriende die een na die ander opdaag, en, na 'n handdruk en 'n groet, in 'n kring om hom gaan sit.

III. IN DIE TUIN.

Oorkant die vlei, teën die opdraend, en hoër op langs die maanhaar-randjies van Bronkhorstfontein, en teën die horison op die hoogte van die bult, wat afsak na Damfontein ¶) toe, vanwaar mens die rug van Britsberg *) kan sien, roer hier en daar, versigtig na alle kante uitkijkende, 'n perde-ruiter van Jan Bosch §) se spioenkorps, of 'n rapport-rijer in klaterend galop.

En digterbij, buite om die tuin heen, beweeg dit ooral van burgers en perde. Hier en daar staan nog groepies manne en gesels. Hier loop een, wat houtjies optel om vuur te maak, of water aandra in 'n blikemmertjie om

¶) *Damfontein*, die plaas van Mnr. G. van der Merwe, maar waar Mnr. M. G. Heyns destijds op gebly het, lê omtrent 'n uur te perd van Paddafontein af langs die grootpad na Senekal toe.

*) Die grootpad, wat van Paddafontein bij Damfontein langs na Senekal gaan, loop vir iets meer dan 'n half-uur te perd al tussen Zandrivier en *Britsberg* langs, wat min of meer parallel met die rivier lê. Mij vader se woonplaats, „Grootvlei” lê aan Britsberg en loop af tot aan Zandrivier, omtrent 'n uur en 'n half te perd van Senekal af. (Sien die kaart van die Vrijstaat agter in die boek.)

§) *Jan Bosch* was die hoof van ons spioenkorps, waarbij mij swaer, E. von Moltke, één van die „Ug”, sig later aangesluit het, en so van ons afgeraak het.

koffie te kook, terwijl 'n ander sij geknelterde perd aanja na 'n plekkie groen gras, of hom op 'n afgesonderde kolletjie 'n ekstra gerf voer gee, terwijl 'n derde die knelter verbind van sij perd, wat onklaar-getrap het. Maar die meeste het hul reeds rustig op hul rug uitgestrek, en is besig om salig weg te sluimer tussen al die geraas, geloop en gepraat in; want *Moeg* is die beste slaapdrank.

Maar daarbinne in die tuin van Paddafontein, stil en rustig, in die skadewee van die swiggende treurwilligers, wat hul slappe arme na omlaag laat hang, soos die afgematte arme van Mozes, en treurende rouw-festoene vleg,—daar sit, in 'n half-geslote sirkel, 'n paar manne in ernstige gesprek met mekaar.

In die middel van die groep, met sij hoed in sij linkerhand, sij verkijker en pistool langs hom op die grond gegooi, en sij bene dwars onder hom gekruis, sit Generaal Beyers, ernstig-bedaard, en teënoor hom, in 'n donker-grijs baaitjie en 'n broek van swart-en-wit geruit, 'n man van bij die sestig †) jaar, met 'n tamelik lang-neerhangende baard, wat al grijs word,—'n ware Afrikaanse patriarch, "*Nature's gentleman*," Generaal Bert Wessels—hom te ken, was hom lief te hê. Naas hom sit sij seun, Tewie, 'n korte maar sterk-geboude jong-Afrikaner, net so fluks op die slagveld as op sij boereplaas, 'n waardige seun van sij eerwaardige vader. En dan, met sij rug teën 'n boomstam aangeleund, sit daar 'n uiters interessante figuur, in 'n rijbroek en

†) Sij ouderdom was destijds 57 jaar, maar sij eerbiedwaardigheid het hom ouer laat lijk, dan hij was.

baaitjie, beide van swart-en-wit ¶) geruit,—'n blok van 'n blonde kêrel, om wie se mond daar altijd 'n skalkse glimlag speel, wat af en toe in 'n gesonde, onkeerbaar-luidrugtige skaterlag uitbars—Generaal Conroy, 'n egte Germaanse *) tipe, maar volgens tradisie van Keltiese §) afkoms. Die vijfde lid van die groep het 'n donker pak aan, en 'n wit helmet op, waaronder sij lange donkere haar-lokke uitpuil. Met 'n korte pipjie stewig tussen sij tande vasgebijt, blaas hij blouwe wolkies uit sij swart-bebaaarde mond—dominee Hendrik Boshoff, 'n gebore vegsman, wat op die oorlogsveld steeds die leus van Frederik die Grote handhaaf: „Toujours en vedette!” †) (Altijd op die wag!) Langs hom lê op sij regtersij sij jongere broer, die skrywer van hierdie historiese skets.

Swijgend en strak voor ons heen starend sit ons 'n oomblik so, voor iemand die stilte steur.

„Ek het gemeen, volgens die informasie wat ons had, dat U met uw kommando ergens in die distrik van Hoopstad was, Generaal,” merk ek eindelijk op,” en

¶) Genl. Conroy het 'n hele pak aangehad van ongeveer dieselfde soort stof as die broek van Genl. Bert Wessels: 'n swart-en-wit geruit.

*) Sij sterke liggaamsbouw, en blonde hare en snor, laat dink aan die *Germaanse tipe*, waar Tacitus ons van vertel in sij „*Germania*”.

§) Volgens tradisie (ek laat natuurlik buite beoordeling of die tradisie histories-reg is of nie, en konstateer alleen die bestaan van die tradisie) stam hij uit 'n *Ierse* familie, in wie se are daar nog van die ou *Keltiese* bloed vloei.

†) Die leus van Frederik die Grote: „Toujours en vedette.” (Altijd op die wag!) het hij nooit self gebruik nie, maar dit was die gees van sij krijgskuns: *streng disipline en versigtigheid*, wanneer daar g'n sigbare gevaar is nie, en totale onverskrokkenheid, wanneer die gevaar bij die hand is.

hoe is U dan so onverwags hier bij ons uitgekóm? en waar is uw kommando?"

„Ja,” was sij antwoord weemoedig-bedaard, „waar mens nou in hierdie tijd oorál uitkom, weet jij nooit vooruit, die een dag is jij Kommandant-Generaal van die Unie, en die ander dag is jij 'n prívaaat burger, of erger nog, 'n voëlvrijverklaarde, wat deur jouw eië troepe en deur offisiere, wat op jouw aanbeveling aangestel is, vervolg word; jij is 'n banneling in jouw vaderland, omdat jij jouw Volk lief het,” en toe kom daar 'n spottende glimlaggie op sij gesig, soos 'n sonnestraal in 'n donker kamer, en plagend sê hij teën mij, „so gaan dit maar, die een dag is jij 'n sagte studentjie in Holland, en die ander dag 'n bruingebrande burger op die Vrijstaatse veld.”

„Ek hoop maar net,” was mij antwoord, „dat die gewese Kommandant-Generaal van die Unie hom net so gelukkig gevoel as prívaaat burger, as wat die studentjie hom in daardie kapasiteit voel!”

„Maar,” hervat hij weer ernstig, „in antwoord op jouw vraag moet ek sê, dat ek wel in die distrik van Hoopstad was, soos jij helemal tereg opgemerk het. Na mij terugkoms van President Steyn af het ek mij kommando tussen Boshof en Bultfontein teruggevind. Die burgers was sleg gewapend, en nog slegter georganiseerd, en daardeur tot op sekere hoogte gedemoraliseerd, want 'n boer se trouwste toeverlaat in troebele tije is maar sij geweer. En soos jul weet, die meeste mense het nie gereken, dat daar sou geveg word nie: hul het nog altijd die hoop gehad, dat die Regering sou afsien van die Ekspedisie na Duits Suid West, sodra dit bemerk werd, dat die burgers hul openlik daarteën ver-set. Hul het gemeen, dat die Regering liever sou be-

dank, dan 'n burgeroorlog te veroorsaak. Maar toe hul sien welke loop sake neem hier in die Vrijstaat bij Doornberg en Mushroom Valley, en ook in die Transvaal, toe het baja van hul moedeloos huis toe gegaan, en onder die res was daar baje, wat twijfelagtig was, wat om te doen. Die een wou veg, die ander wou vlug, en die derde wou slegs ongewapend protesteer. Met sulke mense kon 'n mens niks uitvoer nie: daar was g'n "esprit de corps" meer in die liggaam as 'n geheel nie, want daar was g'n eenheid van doel nie. Van 'n lijdelijke verzet het die meeste niks begriip nie: dit is iets, wat vreemd is aan die boer se geaardheid. Op ons tog na Doornpan tussen Hoopstad en Bultfontein werd onse mense toe op die 17de ¶) van laaste maand deur die Regeringsmagte aangeval en helemaal uit-mekaar geja en verstrooi. Generaal Conroy *) en ek het daar naalskraap saam uitgekom, maar ons moes met ons perde deur Vet Rivier swem. Ons is toe eers na die Transvaal se kant toe, maar toe het ons weer omgeswaai, en so is ons met die paar burgers, wat nou hierbuite saam met jul mense afgesaal is, hier bij jul uitgekom. En so, dominee," sê hij teën Ds. Boshoff, „is ek ook van mij dominee afge- raak.”

„Wie bedoel U, Generaal?” vra Ds. Boshoff.

„Ek bedoel Ds. Herman van Broekhuizen,” was sij antwoord,” hij was altijd saam met mij gewees van Pre-

¶) Vgl. die Blouw-Boek „Rapport over het Uitbreken der Rebellie enz.” (1915) p. 54.

*) Genl. Conroy het gedurende die geveg bij Genl. Beyers gekom. (Verklaring van W. J. Badenhorst, van Katboschfontein, Wolmaransstad.)

toria af, maar nou is ons twee helemaal van mekaar afgeraak."

„Maar, kom vertel nou eers vir mij," sê hij teën mij, „hoe kom jij hier?"

„Wel, Generaal, om nou van 'n lang saak 'n kort storie te maak, sal ek net dit sê: Toe die oorlog in Europa begin uit te breek, was ek net op weg van Parijs af in Frankrijk na Amsterdam toe in Holland, waar, soos U weet, ek destijds gestudeer het. Wel, van studie het daar toe nie veel meer gekom nie, tensij mens die poging tot bevrediging van die bijna onlesbare dors na oorlogsnuws uit die verskillende krante, die ijwerige bestudering van alle oorlogskaarte, en die gereëldde besoeke aan die vernaamste straathoeke in Amsterdam om die dagelikse „bulletins" en „communiqués" te lees, studie kan noem. Daar kon ek dit nie lang meer uithou nie, toe wou ek kom kijk, wat jul hier in Afrika maak, of wil maak. Die 17de Oktober het ek van Londen vertrek per "Walmer Castle", en die 3de November het ek te Kaapstad geland. Toe ons in Tafelbaai aankom, het ons eers gehoor, dat U en Generaal de Wet met rebelle-kommando's in die veld is. Ek het mij direk na die Vrijstaat gehaas, en so het ek hier in die Vrijstaat bij Genl. de Wet uitgekom in die veld op die plaas Uintjeshoek in die distrik van Marquard, net na die slag van Mushroom Valley. Bij sij oortog oor die treinspoor te Virginia§ en gedurende die geveg aldaar die dag het ek van Genl. de Wet afgeraak, en agtergeblij bij mij mense, die Senekal kommando onder Genl. Lu-

§) *Virginia*. (Sie die kaart van die Vrijstaat agter in die boek.)

cas Rautenbach,† en hier vind U mij nou vandag bij 'n klompie Senekallers.”

„So! so! en wat dink hul in Holland van die algemene oorlogssituasie in Europa?”

„Wel, dit is moeilik om 'n afdoende antwoord daarop te gee, Generaal. 'n Mens krij natuurlik verskillende houdinge bij verskillende persone—dit is egter iets hellemaal individueels—maar om nou 'n uitdrukking van publieke opinie te krij is al heel moeilik, want die Regering van Holland hou 'n wakende oog oor die toestand, en sorg vir die handhawing van hul neutraliteit op elk gebied, dus word ook die pers, die mondstuk van die publiek, tamelik in toom gehou. En, wat die krante van die oorlogvoerende partije betref, daarop kan 'n mens natuurlik al heel weinig staat maak,—ten minste, die Reuter-berigte, en dit is feitelik al, wat die mense in Afrika te lees krij, lieg erger dan die opskrifte op die grafstene in onse kerkhowe—sakke vol leuns oor lande vol doodsbeendere gesaai. Vandat die oorlog in Europa uitbreek het, het ek dan ook wekeliks aan mij ouers en vriende in Afrika geskrijwe om tog viral nie te glo nie, wat hul in die Engelse krante lees, want die gee net die één kant van die halwe waarheid, en dus maar 'n kwart van die hele waarheid. Maar ek dink, dat baje van daardie briewe van mij na Mnr. die Censor se papiermandjie toe gegaan het,—maar dan het hij tog ook misskien die waarheid gehoor. Maar, om op uw

†) *Lucas Rautenbach* was tijdens die geveg van Virginia nog Kommandant, maar tussen die geveg van Virginia en ons ontmoeting met Genl. Beyers werd hij deur Genl. De Wet benoem tot Generaal, vandaar dat ek hom toe reeds Generaal *Lucas Rautenbach* genoem het.



'N PORTRET VAN GENL. C. F. BEYERS, KORT NA DIE
ANGLO-BOERE OORLOG.

vraag terug te kom, moet ek sê, dat, na dit mij voorgekom het in Holland, het die meeste mense aldaar aanvankelik 'n spoedige ekonomiese uitputting van Duitsland verwag. Maar tot-nog-toe het die Moffe¶ nog g'n blyke van militêre onbekwaamheid gegee nie, en dit lijk of „*Schweinefleisch und Kartoffeln*“ nog volop in *Moffrika* is. Wat die toestande in Engeland betref, het ek 'n tamelike kijk agter die skerme gekrij gedurende die paar dae, wat ek in Londen vertoef het. Baje van die nuwe rekrute van Kitchener's leër is jong seuns, winkelkierkies met brille op, in kort, materiaal, wat uit 'n militêre oogpunt totaal ongeskik is vir konsumpsie in hierdie volkerestrijd. Ek beskou dit 'n mishandeling van diere om die arme goed na die veglinies in Vlaandere te stuur.”

„Maar, wat dink die Hollanders oor die skending van die Belgiese neutraliteit deur Duitsland?” vra hij.

„Generaal, dit is net so moeilik om hierop 'n direkte antwoord te gee as op uw eerste vraag. In Holland is die simpatie met België oor die algemeen groot, maar dit is nie onvermengd nie, want dit lijk of die gebeurtenisse*) van 1830 nog nie helemaal vergeet is nie. Dus sou ek die gevoel in Holland eer simpatie met België noem dan pro-Belgiese gesindheid. Teënoor Duitsland het die Hollanders meer *vrees* dan *liefde*, maar vir die Entente voel hul tog ook nie veel nie, want die Anglo-Boere Oorlog het die oorgrote meerderheid van die bevolking beslis anti-Engels gemaak. Mij Hollandse

¶) In Holland word die Duitsers wel dikwels „*Moffen*“ genoem, en son Duitsland dus „*Moffrika*“ heet.

*) Bedoeld word natuurlik die Belgiese Opstand teën Holland in 1830.

vriende en kennisse, sowel as invloedrijke persone, dink dus voor die voet, dat die skending van die Belgiese neutraliteit deur Duitsland weer een van die skijnheilige argumente is, wat Engeland maar al te blij was om aan te pak as 'n „*cacus belli*.” Engeland sou die oorlog tog gevoer het, of België se neutraliteit nou al geskonde was of nie, want dit is vir iedereen tog duidelik, waarom Engeland nie omgee nie om 'n klein nasie in die suid hoek van Afrika te vertrap, terwyl sij dit haar heilige roeping ag om een aan die oorkant van die Engelse Kanaal te beskerm. As België aan die Noordpool gelê het, dan het die skending van haar neutraliteit deur Duitsland Engeland veel minder geskeel, of miskien helemaal koud gelaat.”

„Dit is presies wat ek beweer het,” sê Genl. Bert Wesels.

„Dit is net, wat 'n mens van die verbrande Engelse kan verwag!” merk genl. Conroy op.

„Ja”, hervat ek toe weer, „ek wou nog daarop wijs, dat die posisie in Holland baja bemoelik word deur die oorstroming van Belgiese vlugteling, wat bij duisende die land instroom. Daar word in Holland ontsaglik veel geld vir die arme mense gekollekteer, en dit is nie 'n maklike werk nie om hul gehuisves en versorg te krij, maar daarvoor staan Holland moes bekend as die land, wat alle eeue deur gulle gastvrijheid aan die vlugteling van alle nasies verleen het. Dit is meeste die arme klasse, wat Holland binnestroom: die mense gooi die bonnetjie op die rug, en slaan dan maar voet oor die grens. Die meer gegoede klasse gaan meestal per skip oor na Engeland—daar was omtrent 900 van hul op die skip, waarmee ek van Vlissingen naar Tilbury oor-gegaan het. Wat die kwessie nog die moeilikste maak, is dat die

vlugtelinge, wat na Holland kom, natuurlik invloed uitoefen op die gevoelens en gesindheid van die Hollandse bevolking: deur simpatie op te wek vir België word in die gemoedere van die burgerklasse antipatie teën Duitsland gekweek. Dit spreek vanself, dat die Engelse Pers dit aanpak as 'n handige instrument, en daarteën moet die Hollandse autoriteite waak. Aan die ander kant gaan die prijse van lewensmiddele in Holland, as 'n gevolg van die oorlog, vanself op, en deur-dat Engeland en Frankrijk al 'n paar Hollandse skepe met eetware opgehou het, was die verhoudinge van Holland teënoor die Geëllieerde al 'n paar maar tamelik onaangenaam gewees. Maar die Hollandse Regering verdien alle lof, dat hul tot-nog-toe op 'n kranige manier die staatskip deur dit rotse heengestuur het."

„Die Hollandse Regering soek ook seker nie na moeilikhede nie, soos ons Regering hier in die land,” merk Genl. Conroy op.

„So, dan kom die arme Belgiese vlugtelinge in groot getalle Holland binnegestroom?” vra genl. Beyers belangstellend, en vervolgend, „maar wanneer is jij dan weg uit Holland?”

„Die 14de Oktober, Generaal, net na die val van Antwerpen.”

„Dan het jul natuurlik toe al van mij bedanking in Holland gewee?”

„O ja! Generaal, ons het per kabelgram die volle inhoud van uw brief van bedanking gekrij.”

„En wat het jul Afrikaners in Amsterdam daarvan gedink?”

„Ons was in ons hart blij gewees, dat U Genl. Smuts die onverbloemde waarheid vertel het, dat elke boerehuis, wat in Suid Afrika gedurende die Anglo-Boere

Oorlog afgebrand is, 'n Leuven was, en dat U daarteën geprotesteer het, om sonder provokasie van die kant van die Duitsers, offensief op te tree teën D.S.W.A., of liever, om die rooftog daarheen te onderneem, maar dat U gewillig was, soos elke ware Afrikaner, om defensief op te tree tot verdediging van ons vaderland. En ons het gesê, dat U helemaal te goed was vir die uniform, wat U aan het daar op die portret van U wat aan die muur in ons Leeskamer hang, waar ons U die aand ontvang het, toe U laaste daar was. Die aand, nadat ons van uw bedanking verneem het, is daar deur Afrikaanse studente meer dan één glasië bier op uw gesondheid gedrink, Generaal. 'n Paar van ons het die aand onder mekaar daarvoor fees gevier op die Leidsche Plein in „Café de Boer”—bij ons Afrikaners aldaar bekend as „Rolmops”.

„En jul het seker Genl. Smuts se antwoord daarop ook gesien? Hij het g'n één van mij besware beantwoord nie: sij hele brief was, as jul mij 'n Engelse uitdrukking wil verskoon, 'n “begging the question” van begin tot end.”

„Ja, Generaal, en ons het die “London Times” se soute-lose kommentaar op die twee briewe ook gelees. Hoe 'n Afrikaner—as Genl. Smuts ten minste voorgee dat hij nog een is—dit kon sluk sonder om te stik, begriep ek nie.”

„Maar dink jii dan, dat hij nog 'n stukkie Afrikaanse gevoel in hom het?” vra Ds. Boshoff, terwijl hij die steel van sij kort pijpie nog 'n slag vaster tussen sij tande vas bijt, en weer geweldig begin te rook.

§) Dit was die juiste woorde wat hij gebruik het, daarom herhaal ek dit hier in Engels net soos hij dit gebruik het.

„Maar dan het jul natuurlik ook gewheet van Genl. De la Rey se doodskiet. En wat het die mense in Holland daarvan gedink?” vra Genl. Beyers.

„Nou, Generaal, dit spreek vanself, dat die Afrikaanse studente sij dood diep gevoel het, maar die meeste Hollanders, met wie ek persoonlik in aanraking gekom het, was meer ontevrede dan aangedaan: hul het die saak „verdacht” gevind, en openlik gesê, dat dit nie die eerste maal was nie, dat ’n man van invloed, soos Genl. De la Rey, wat teën die belange van Engeland en die Britse Rijk durf ingaan, op ’n geheimsinnige wyse per ongeluk van die toneel verdwyn het. Maar sê mij, Generaal, wat dink U persoonlik daarvan? U was tog in die hele saak persoonlik betrokke gewees, want U het saam met Genl. De la Rey in dieselfde *) motor gesit. Volgens die pers-verslag, wat ek gelees het, van uw verklaringe voor die Hof van Ondersoek in sake die doodskiet van Genl. De la Rey, het dit vir mij gelijk of die hele affêre tog maar ’n jammerlike ongeluk was.”

„Wel”, was sij antwoord half ontwijkend, ’n mens mag dink, wat jij wil, maar jij mag nie sê, wat jij wil nie. Wat ’n mens voor die Hof sê, moet jij absoluut kan bewijs; maar wat ek gedink het, kon ek nie onweerlegbaar bewijs nie, en uit die oogpunt moet jij mij verklaringe voor die Hof beskouw.”

†)Die motor van Genl. Beyers waarin Genl. De la Rey doodgeskiet is. (Dit is ’n Daemler). Sie teënoor p. 60.

Vgl. die verklaringe van Senator A. D. W. Wolmarans en Mnr. P. G. Beyers (die broer van Genl. C. F. Beyers) omtrent die gebeurtenis voor die Parlementêre Komitee in die Blouw-Boek „Verslag van het Gekozen Komitee op de Rebellie” (1915) p. 335—338; en p. 212—213 resp.; en weer p. 222—223; en p. 225.

„Maar wat het U eïntlik daarvan gedink? vra Genl. Bert Wessels vriendelik.

„Ek sal uw vraag eerlik beantwoord,” was sijn antwoord duidelik en beslis,” en dan moet ek rondborstig verklaar, dat ek gedink het, dat die lot, wat Genl. Koos de la Rey getref het, bedoeld was vir ons altwee, en misskien selfs in die eerste plek vir mij, en nie vir oom Koos nie. En dit is nou nog mij oortuiging.”

„Is hij in uw teënwoordigheid dood? vra Genl. Bert Wessels met 'n sagte trek van medelijde oor sijn gelaat.

„Ja, so te sê in mij arms. Dit was wonderlik hoe weemoedig die ou man gedurende die laaste tijd voor sijn dood gevoel het. Na sijn terugkoms van die Kaap af, na die spesiale sitting van die Senaat, het hij verskillende male uiting gegee aan die gedagte, dat, as die Here 'n offer eis vir ons Volk in hierdie donkere tije, hij tog mag aangeneem word as die offer.

„Maar”, vra ek toe met klimmende belangstelling, „as U dan dink, dat die doodskiet van Genl. De la Rey g'n ongeluk was nie, wat kon dan die motief daarvan gewees het, wat sou dan daaragter geskuil het?”

„Wel, Generaal De la Rey was 'n man van groot invloed in die Transvaal, veral in Westelik Transvaal, waar hij die onge kroonde koning was. Hij het in die Transvaal onder die boerebevolking waarskijnlik meer invloed gehad dan Genl. Botha en Genl. Smuts saam. Met betrekking tot die Botha-Hertzog kwessie het hij altijd deurgegaan vir 'n Botha-man, omdat hij gemeen het dat ons g'n skeuring in ons Partij moes toelaat nie, maar hij het op verskillende andere punte met die Regering verskil, en dit was bekend, dat hij om gewetensredene sterk teën die D.S.W. Ekspedisie gekant was, en dit het hij dan ook duidelik laat blijk tijdens die

spesiale sitting van die Senaat in die Kaap. As *hij* hom ten gunste van 'n verset teën die Ekspedisie verklaar het, wat hij ongetwyfeld sou gedoen het, as hij geleef het, en wat hij feitelik reeds op weg was om op Potchefstroom te doen, toe hij doodgeskiet werd, dan sou sake vandag anders in die Transvaal gestaan het met die protastbeweging, want dan sou die boerebevolking bijna eenparig deur 'n lijdelijke verset pressie uitgeoefen het op die Regering. Dit het die Regering natuurlik begriip: so'n man was gevaarlik, hij moes van die kant gemaak word, en gouw ook. Ook *mij* gevoelens was aan die Regering bekend reeds vóór die spesiale sitting van die Parlement, en dus lang vóór mij bedanking. Ek vermoed, dat hul gevrees het, dat ek 'n groot invloed sou uitoefen op die Verdedigingsmag, en misskien ook op die Vok. Daarom moes Oom Koos en ek altwee uit die weg genuim word—daar is die hele saak. Dit is *mij* oor-tuiging omtrent daardie doodskiet-ongeluk."

„Generaal, dit is presies wat meer dan één in Holland ook gesê het."

„Ja," hervat hij op 'n sagter maar besorgder toon, „die posisie het vir mij in Pretoria toe ook onuithoudbaar geword, want van mij bedanking af het die Jingoes mij 'n vreeslike lewe gelei. Ek weet nie hoeveel naamlose ¶) briewe ek destijds ontvang het nie met woorde soos "*Coward and Cur!*"; "*Traitorous dog!*"; en "*You damned Traitor!*". Partij koeverte het niks anders be-

¶) Mevr. Beyers het ongelukkig hierdie naamlose briewe meestal vernietig. As die naamlose(?) skrywers daarvan tog maar hul vinger-afdrukke daarop geplaas het, dan kon mens hul nog soos weggelose Sinese laat opspoor het. Of hul tot die helde(?) van D.S.W.A. behoer, durf ek amper nie vra nie.

vat nie dan 'n *wit veer*, as 'n teken, dat ek 'n lafaard was—'n mens sou sê, dat mij persoonlike posisie as Generalissimo in D.S.W.A. gevaarliker sou gewees het dan gedurende die Boere Oorlog, of dan mij teënwoordige posisie, as privaat burger, onder 'n half-gewapende en sleg geoefende burgermag, wat aangeval en verstrooi word deur behoorlik toegeruste strijdmagte. Maar nog die ergste was, dat sekere briewe dreigemente bevat het, dat hul bepaalde nummers van die "*Black Watch Society*" *) aangestel het om mij lewe te neem. Ek moes dit alles lijdelik verdra, omdat ek mij Volk lewer gehad het, dan mij betrekking as Kommandant-Generaal. Ek het mij toe soveel moontlik uit die publieke lewe terug getrek, maar selfs mij privaat lewe was nie meer veilig nie, en in elk geval bitter onaangenaam. Dat die Jingoës mij nie ongemolesteerd sou laat nie, het heel

*) Vgl. die verklaring daaromtrent deur Mnr. P. C. Beyers voor die Parlementêre Komitee in die Blouw-Boek „Verslag van het Gekozen Komitee op de Rebelle" (1915) p. 213.

Ek gee hieronder één van die briewe. Die persoon, wat dit geskrywe het, ken blykbaar sleg Engels, maar ek gee dit onveranderd, met foute en al:—

“DEATH.”

To

X Generals Beyers and de Wet
and others :

Now that you gentlemen having resigned the Union and insighting to violence by speeches, we 3 in No. 608340, 608341, 608342 having been drawn by ballet in danger of our own lives to throw bombs at such men as you, do warn you on behalf of the Black Watch Society to bomb throwers, so you must not be surprised.

I — s Secretary 6

78968418

duidelik geblyk op die Kruger-vergadering §), wat ons

§) Die voorstelling van die Kruger-vergadering in die Operahuis te Pretoria op 10 Oktober, 1914, is meestal onjuis. Selfs die verklaring van Mnr. P. G. Beyers en Senator A. D. W. Wolmarans voor die Parlementêre Komitee is nie heel duidelik nie. (Sie die Blouw-Boek : „Verslag van het gekozen Komitee op de Rebellie enz. (1915) p. 213—216 en p. 338—339.) Volgens die vertrouwbaarste informasie van betrokke persone en ooggetuie was die saak so:—'n sekere sangvereniging in Pretoria het die Operahuis vooruit gehuur vir 'n gewijde konsert in die vorm van 'n sangkompetisie ('n “Eisteddfod”). Met die konsert het dit mis geloop, en om nie opgeskeep te sit met die Operahuis nie, en tog die huurgeld daarvan op te bring, werd besluit om die Kruger-fees, wat anders gewoonlik in die „Suzannazaal” gevier werd, in die Operahuis te hou, en toegangskaartjies daarvoor te verkoop. Generaal Beyers werd toe gevra om die program vir die Kruger-gedenkfees te help uitvoer deur iets mee te deel in verband met die lewe van President Kruger.

Waar ons dus in die Blouw-Boek : „Rapport over het Uitbreken der Rebellie enz.” (1915) op blds. 21 lees :—„Op de 1ode spraken Generaal Beyers en Ds. Van Broekhuizen een *vergadering* toe te Pretoria, *naar het heette* over President Kruger;” (N.B. Die kursivering is hier en in die volgende stuk deur mij gemaak.) daar kom die woorde „naar het heette” mij eiëntlik 'n bietjie vreemd voor, veral wanneer mens dit lees in verband met wat daarop volg. „Deze publieke *vergaderingen* waren een *belangrijk deel* van de *plannen der samenzweerders*. Men hoopte door middel daarvan de *gevoelens op te zweepen* en aldus de weg te banen voor de finale uitbarsting.” Volgens mij beskeie mening moet 'n mens eers 'n sameswering bewijs, voordat 'n mens sekere publieke vergaderinge mag noem „*een belangrijk deel van de plannen der samenzweerders*”, en m.i. ontbreek die bewijse tot-nog-toe, en seer seker is hul nie in hierdie Blouw-Boek te vinde nie. Misskien sal dit die opsteller van hierdie Blouw-Boek 'n bietjie skeef laat opkijk, as ek hom vertel, dat die toespraak, wat Genl. Beyers die aand in die Operahuis gehou het, hier op mij skryftafel lê. Genl. Beyers het die hele rede vooraf met die skryfmasjine afgeskrywe of laat afskrywe, en in die vorm het Mevr. Beyers dit later in die sak

te Pretoria in die Operahuis gehou het ter aandenking aan President Kruger se verjaarsdag—'n fees, wat ons na gewoonte jaarliks gevier het. Op die Kruger-gedenkfees, wat hoegenaamd niks met die politiek of die oorlog te doen gehad het nie, maar eenvoudig 'n herhaling was van 'n jaarlikse fees ter ere van President Kruger se geboortedag, op die vergadering, waarop ek sou praat, en dan ook gepraat het, het die Jingo's so te kere gegaan, dat ons nie met die verrigtinge behoorlik kon voortgaan nie, want mens kon jou bijna nie verstaanbaar maak nie. Hul het op 'n skandelige manier met allerhande voorwerpe gegooi, en geskreeuw, en vlagge

van sij geklede rok (konsert-baaitje) gekrij, en aan mij oorhandig..

Die inhoud van die toespraak is in kort dit :—

A. :—'n Paar algemeen inleidende woorde tot die eiëntlike onderwerp, die karakter en loopbaan van President Kruger.

B :—Drie hoofpunte :—

(a) President Kruger was „een Godsdienstig en nederig man.”

(b) President Kruger was „een ware patriot en volksman.”

Dan vergelyk Genl. Beyers hom met Piet Retief, Sarel Celliers, Pres. Brand, Generaal Joubert, Jan Hofmeyr en Generaal De la Rey; en dan waarskuw hij teën die geestelike onverskillighede van ons tijd.

(c) „President Kruger was een geboren Staatsman”. Hier roem die spreker die liefde van President Kruger vir sij volk, sij taal, en sij godsdienst. (N.B. Die woorde tussen aanhalingstekens is Genl. Beyers se eië woorde.) Nou vra ek iedereen met 'n gezond verstand (en ek hoop die opsteller van hierdie Blouw-Boek het dit ook) hoe 'n mens met so'n besadigde toespraak, as wat hier feitelik in kort weergegee is, en, wat sonder enige politieke strekking is, kon hoop om „door middel daarvan de gevoelens op te zwepen en aldus de weg te banen voor de finale uitbarsting.”? Die inhoud van die toespraak, sowel as die program van verrigtinge, weier dan ook pertinent om bestempel te word met die woorde „naar het heette over President Kruger.”

gewaai en "*Rule Britannia*" en "*God save the King*" gesing. Daar was naderhand 'n vegterij ook aan die gang, sodat dit 'n hele warboel en opskudding afgegee het. As dit nou op 'n publieke politieke vergadering, waar alleen manspersone teënwoordig was, gedaan werd, dan kon 'n mens dit ten minste nog begriip. Maar bij 'n vreedsame funksie, waar dames ook aanwesig was, bij 'n funksie, wat meer 'n godsdienstige dan 'n politieke aard had, daar was sulke gedrag uiters laag en gemeen. Daar was nie die minste blijke van respek vir ons gevoelens nie, en teën mij persoonlik was hul uiters brutaal. En het die aand 'n absolute afskuw en 'n diepe veragting gekrij vir "*British fairplay*" en "*British freedom*." Toe ons na buite gaan, het hul selfs met bakstene na mij gegooi, en toe vind ons dat mij motor se wielbande uitmekaar gesnij was deur die oproerige vlaggewaaiers. Ek het toe besluit om Pretoria te verlaat, want die posisie was toe ondragelik vir mij daar. Ek het Pretoria dan ook kort daarna verlaat—ek wou weg na 'n plek, waar ek kon rus en vrede hê; maar toe ek weer buite kom, het ek gevoel, dat dit mij heilige plig was om te protesteer teën die skandelige belediging, wat mij volk aangedaan werd, deur hul teën hul gewete te verplig 'n ras van rowers te word.

Die hele tijd was vir mij 'n donkere nag van smart wat ek moes deur worstel. Mij jongste suster is juis die dag vóór die onaangename Kruger-fees getrouwd. Ek het haar altijd belooft om haar met haar trouwe 'n bruilofsfees te gee, maar dit was toe g'n tijd vir bruilofsvreugde nie. Ek het liever 'n gebed vir haar gedoen dan om "*speeches*" te maak. Ek het tog so jammer gevoel vir haar: sij is 'n tere Christin, en kon al die verwarde verwikkelinge maar nie goed verstaan nie. Sij

het dit alles vreeslik gevoel, en het met 'n bloeiende hart van mij afskeid geneem op die stasie, waarheen ek haar met mij motor geneem het."

En toe gaan daar 'n trek oor sij gelaat, soos 'n diepe duisternis, wat neersink oor die aarde, en uit die donkere diepbewoge meer van sij ligtelose herinneringe uit die laatste dae rijs daar skielik 'n paar swarte skimme na die oppervlakte van sij bewussijn bij die uiting van die laaste volsinne, wat hij bijna stamelend van aandoe-ning uitspreek. In die enkele oomblik het daar seker 'n hele leërskaare van swartgrijs gewaarwordinge deur sij siel getrek op die maat van 'n dof-dreunende dode-mars. Maar stadig aan begin hul weer af te trek, soos donkere onweerswolke na die donderstorm, of soos roseblare op 'n heldere waterstroom—wiegelend weg gewieg, weg, weg — —

Om verdere afleiding te gee aan sij sombere gedagte-gang, vra ek :—

„Maar, Generaal, U het net-nou gepraat van uw terugkoms van President Steyn af; wanneer was U dan daar? en hoe het dit toe nog daar gegaan? Ek was op die 7de November op „Onze Rust”, en toe ek daar vertrek, is Mnr. Charlie Fichardt en Dr. Colin Steyn net weg per motor om te sien om U en Generaal De Wet daarheen te bring om sake te skik. Ek het nog saam met hul twee gerij tot op Bloemfontein. Ek herinner mij dat daar die middag op „Onze Rust” juis 'n telegram *)

†) Ek het op die stoep gesit op „Onze Rust” toe Proponent (non Predikant) Nico van der Merwe die volgende telegram aan President Steyn voorgelees het :

Generaal Smuts
Pretoria.

aan President Steyn,
Bloemfontein.

November 7.—Beyers is gister aan Vaalrivier tussen Bloemhof

aangekom het aan President Steyn van Generaal Smuts, dat U aan die Vaalrivier gevonde was, en dat U 'n vrijgeleide had na die President toe."

„Ja," was sij antwoord, „ek was per motor saam met Ds. Van Broekhuizen na President Steyn toe, so teën die rode November, net 'n paar daë na jouw besoek daar, waarvan ek op „Onze Rust" gehoor het. Ons het nog so'n grap gehad op die reis daarheen. Ons het onopgemerk per motor deur Bloemfontein gegaan, en op die reis daarvandaan na „Onze Rust" toe het 'n ou waggie ons langs die pad voorgekeer en laat stil hou, en hom ewe parmantig teën ons gedra. Hij het hom verbeel, dat hij ons van 'n kaffir kon laat oppas. Maar ons het die ventjie gouw-gouw die skrik op die lijf geja, en hom laat padgee voor, en toe is ons verder. Op „Onze Rust" het ek almaal in betrekkelike welstand gekrij, maar President was afgemat van die geestesinspanning om deur bemiddeling tussen die Regering en ons sake tot 'n skikking te bring sonder bloedvergieting. Maar die hele houding van die Regering, en veral die gemene handelwijse van die regeringstroepe onder Cronje hier bij Doorberg langs Zandrivier het feitelik alle onderhandelinge afgebreek, en die laaste hoop op 'n vredsame skikking die kop ingeslaan."

„Generaal Beyers, en wat dink President Steyn van

en Wolmaransstad gevonden. Ik heb hem vrijgeleide naar U gezonden. Ik weet niet of hij er gebruik van zal maken. Vertraging van De Wet tezamen met aktiviteit zijner kommando's maakt zaak bijna hopeloos. Gevechten zijn reeds te Kroonstad begonnen om vernietiging van spoor en opblazing van bruggen tegen te gaan.

(Sie die Blouw-Boek : „Rapport over het uitbreken der Rebellie enz." (1915) telegram D/0123 p. 78)

die situasie?" vra Genl. Bert Wessels belangstellend, terwyl hij met sij sakmes sit en stokkies snij.

„'n Mens het nie meer nodig nie," was sij antwoord blij en opgewek, „dan om slegs President Steyn te ken, om te weet, dat hij in hierdie saak van harte met ons simpatiseer: hij is dit in beginsel helemaal eens met ons protes-beweging teën die D.S.W. Ekspedisie, maar dat hij helemaal ons metode van verset goedkeur, glo ek nie. Hij voel meer vir 'n lijdlike verset, en volkskongresse, waar die toestande openlik deur die volk kan bepraat word, en waar 'n mens nie die mond gestop word nie deur in die tronk geprop of gedeporteer te word. Maar één ding is seker, sij hart klop nog warm en opreg vir sij Afrikaanse Volk, wat deur niemand anders dan deur verslegte en verbasterde Afrikaners vertrap word."

„Die vuilgoed!" sê Ds. Boshoff verwijtend.

Generaal Conroy was juis besig om met 'n kort rij-sambokkie elke nuwe ontwikkeling in sij gedagtegang op sij kamas af te tik, toe hij die laaste woord hoor, opkijk, en aan Genl. Beyers vra: „Nou dat jul van die Regeringstroepe praat, wat dink U sal hul doen?"

„Wat hul sal doen?" antwoord Genl. Beyers verontwaardigd. „Ons sien moes wat hul al reeds doen: hul is gewillig om hul mede-Afrikaners te skiet vir 3/- 'n dag. Maar ek dink, dat die Afrikaners onder hul, wat nog 'n greintjie van selfrespek het, mettertijd sal voel, dat hul niks meer dan huurlinge is nie, huurlinge om die Regering se veragtelike vuilwerk te doen, en dat hul wat vir 3/- op 'n dag veg veel laer staan dan die manne, wat, sonder betaling, vir heilige en onsterflike beginsels veg. En dan dink ek, dat partij van die regeringstroepe graag hul soldatepak sal wil kwijt raak.

Maar 'n groot deel van hul is reeds te sleg om enige selfrespek te hê, laat staan nasionale eergevoel, hul is eenvoudig deur vreemde invloede verbasterd en ont-aard. Hul sal altijd deur die ware Afrikaners gebrand-merk word as "Khakies" en landverraaiers. Ek het gemeen om die volk se oë oop te maak met mij bedan-king, maar dit lijk vir mij of baja van hul nog met blindheid geslaan is."

„En dink U, Generaal Beyers," vra Tewie Wessels half terughoudend, „dat die Regering nou sal blij vol-hard in hul rooftog na D.S.W.A.?

„Jul weet almaal," was sij antwoord neerslagtig, „hoe min notisie die Regering geneem het van die Protes-Kommissie ¶), wat van Kopjes af gestuur is, en van die skriftelike *) protes-manifeste, wat ek en andere aan hul gerig het. Ons was gewillig, stil en rustig na huis te gaan, as die Regering ons die waarborg sou gee, dat daar nie vir die D.S.W. Ekspedisie sou gekommandeer word nie, maar alleen vrijwilligers sou gebruik word." „Maar," hervat hij na 'n oomblik op 'n meer besliste toon, „laat *hul* nou maar voortgaan met die vuilwerk, wat *hul* begin het, *ons* moet nou maar vir die beswil van ons vaderland en volk volhard tot die bittere einde—tot die dood—" en die windjie, wat so stil as 'n sterwensug deur die blare bewe, herhaal aan die rouw-festoene van die treurwilgertakke" tot die einde—tot die dood—" en sag sterf dit fluisterend weg langs die vlei.

¶) Sie Blouw-Boek : „Rapport over het Uitbreken der Rebellie enz." (1915) p. 27 v.v.

*) Sie die in Aant. 1 gemelde Blouw-Boek p. 41 v.v. en die bedanking van Genl. Beyers, te vinde op p. 61 as Aanhangsel A.

„Ek wonder waar Maritz nou bij die tijd is,” merk Genl. Conroy op met 'n glimlag.

„Weet U miskien iets van sij verrigtinge af?” vra Genl. Bert Wessels aan Genl. Beyers.

„Wel, waar hij nou is, weet ek natuurlik helemaal nie. Hij is seker ergens in D.S.W.A. Op mij aanbeveling werd hij aangestel as bevelvoerende officier oor die noord-westelike distrikte van die Kaap Kolonie. Ek het geweet, dat hij sedert die Boere Oorlog goed met die landstreek daar bekend was, en ek het ook geweet, dat hij nie die man sou wees nie om oor die grens te gaan en offensief op te tree, alhoewel hij 'n uitstekende vegman is. Daar hij dus die nodige kwalifikasies besit het, en veral nie aanvallenderwijse teën die Duitsers sou optree nie, wat in volkome ooreenkoms was met mij persoonlike standpunt, was hij die aangewese man vir die posisie. Bij die eerste mobilisasie van onse magte werd hij na die Duitse grense toegestuurd, maar toe hij instruksies krij van die Regering om die Duitsers aan te val, toe telegrafeer hij aan mij om te vra, wat hij moes doen. Ek het daarop aan hom terug getelegrafeer, dat ek bedank had, dat hij dus nie meer instruksies van mij kon ontvang nie, en dat elke man nou vir homself moes uitmaak, wat hij moes doen. Toe ek weer van Maritz hoor, toe was dit, dat hij in openlike rebellie teën die Regering gegaan het. Ek het verwag, dat hij sou bedank, want ek het geweet, soos ek gesê het, dat Maritz beslis teën 'n aanvallende oorlog teën die Duitsers was; maar ek het nie gedink nie, dat hij tot die stap van openlike rebellie sou oorgaan. Maar Maritz was nie die man nie om hom teën sij gewete te laat forseer om te gaan veg teën 'n nasie, wat ons nog niks as goed gedoen had nie, en van wie ons ook niks te vrees



GENERAAL C. F. BEYERS TOE HIJ KOMMANDANT-GENE-
RAAL VAN DIE UNIE TROEPE WAS.

Gebore te Banhoek, Stellenbosch, 23 September 1869. Verdronke
8 Desember 1914, terwyl hij aan die sijden van die opstandelinge
geveg het.

had nie, en dit bowedien ter wille van die Engelse, wat ons kom vertrap en vertree het, soos dit heet, om ons te beskerm."

„Hij is die regte man," sê Ds. Boshoff. „Ek hou van 'n man wat kan Engelse skiet, sodat hul kan leer om hulself te beskerm."

„Wel, ek wens die Engelse 'n goeie pak slae toe in hierdie oorlog," voeg ek daar bij, „dan sal hul miskien leer begryp, wat dit beteken om beskerm te word, want hul beskerm moes so graag kleine nasies soos bijvoorbeeld vir ons tussen 1899 en 1902."

„U moet a.u.b. kom eet, Generaal Beyers, ek het vlijs gebraai," sê iemand wat onopgemerk van die agterkant af tussen die tuimbome heen na ons gekom het, en nou met die een hand in die sif en die ander teën een van die wilgerboomstamme aangeleund, voor ons staan.

„Ja, goed," was sif antwoord „,so oor 'n rukkie, ons moet nog eers enige dinge bespreek, en dan kom ek."

IV. KRIJGSRAAD.

„Wel," gaan hij voort, terwyl hij hom rig na die kring van manne om hom heen, „terwyl ons nou hier saam is, laat ons nou besluit, wat om voorlopig te doen. Sê mij wie se mense nou almaal hier in die buurt is, hoe en wanneer ons hul almaal bij mekaar kan krij, en waar ons kan saam kom."

Hier op Paddafontein is nou 'n klompie burgers, wat onder mij en mij seun, Tewie, staan," antwoord Genl. Bert Wessels, „terwyl daar 'n paar bij gekom het met U en Genl. Conroy saam. Net hier oor die bult, omtrent

'n halfuur te perd hiervandaan, op die plaas Platvoet, is 'n klein kommando onder Genl. Van Niekerk, van Lindley. En digbij hul is 'n klompie mense onder Veldkornet Smit. Dan is daar nog die spioene van Kapt. Bosch. Ek dink dit sal die beste wees, as ons dadelik 'n paar rapport-rijers na hul stuur en laat weet, dat hul vanmiddag almaal hier agter op Platvoet moet bij mekaar kom. Dan kan ons klompie hiervandaan almaal daarheen gaan, en mekaar daar ontmoet, en alles bespreek, wat nodig is. Dink U nie dat dit die beste plan sal wees nie, Genl.?"

„Ja, dit is helemaal goed, laat hul dan maar direk weet, en—”

„Is Genl. Bert Wesesls hier?" vra onverwags iemand, wat ons van die damwal se kant af genader was.

„Ja, wat is dit?" antwoord Genl. Wessels, terwyl ons die een na die ander opstaan.

„Eddie von Moltke, een van Jan Bosch se spioene, het die rapport gebring, dat daar anderkant die rooi randjies, aan die kant van Doornberg, 'n klompie "kha-kies" is: onse voorste spioene hou hul dop daar," was sij boodskap.

„Gewie," sê Genl. Wessels, „blaas bietjie die fluitjie, en sê vir die mense hul moet almaal opsaal—direk, hoor! En stuur rapporte vir Genl. Van Niekerk en Veldkornet Smit, dat hul sonder versuim hierheen moet oorkom met al hul mense, gouw! gouw!

Genl. Beyers, U moet gerus gouw eers 'n stukkie gaan eet."

Terwyl hij dit sê, kies elkeen van ons al sij koers na sij eië afsaalplek.

En toe was daar weer 'n gewoel! Partij burgers moes nog eers wakker geskud word, andere kon hul perde nie gouw krij nie, en weer andere was net besig om kos gaar te maak vir die middag.

Willem Barnard het net 'n blikkie vet uitgebraai om vir ons twee stormjaers te bak—maar dit moes hij nou net so laat staan. Gelukkig het hij vir mij in mij wit seil-bladsak, wat sij ma nog vir mij gemaak het, 'n bietjie meliemeel-pap, 'n klompie kaboe-mielies, en 'n stukkie braai ribbetjie gebêrre, wat ek nou staan en weg sluk, (met die bedoeling om dit later te kouw), terwyl Willem mij ou ponie, Kolbooi, vir mij opsaal, want aan al die kante, onder die wilgerbome, langs die damwal, bij die ijsterklip-kraal tussen die huis en die rooi randjie, ooral klink en weergalm die bevel, „op-saal! burgers, opsaal! opsaal!”

HOOFSTUK II.

DIE RIT VAN DOORNBERG NA VAALRIVIER.

I. VAN PADDAFONTEIN NA SLANGFONTEIN.

Daar was 'n gerep en 'n geroer, maar 'n tien minute later was almaal in die saal. Die rapport het gelui, dat daar 'n klompie "*khakies*" aan die kant van Doornberg was, en ons het bevel gekrij om posisies in te neem in die randjies tussen Paddafontein en Doornberg. Ons ruk dus op 'n galop in die rigting van die vijand, en daar is nou g'n sprake meer van in gelid rij nie, want die een wil voor die ander in die posisies wees.

„Komaan! kêrels, komaan! die "*khakies*" is bij Doornberg!" hoor 'n mens aan alle kante. Daar was 'n sterke en 'n algemene begeerte onder die burgers om die dag nabij Paddafontein in aanraking te kom met die vijand. Die begeerte was waarskijnlik die gevolg van die feit, dat ons kort tevore, namelik op die 18de November, van dieselfde plaas Paddafontein af opgetrek het teën die Kommando van Kommandant Koen, van Senekal, en die met so'n onfatsoenlike haas laat rij het tot

in Senekal, 'n afstand van drie uur te perd *), dat sommige §) van hul fatsoenlikheidshalwe besluit het om maar liever bij ons te blij, om later die reis te voet voort te set.

„Kêrels,” sê Jan dan ook, „ek wonder of ons vandag weer so lekker agter die „witbande” †) sal aanrij, as die ander dag, toe Koen se mense so haastig geword het huis toe. Ek is jammer, dat ek nie weer vandag mij swart trippelaar ¶) hier het nie, dan sal jul 'n mooi speuletjie sien, as daar weer so'n gerijerij kom.”

„Ja,” sê 'n ander, „ons perde is vandag ook 'n bietjie meer uitgerus dan daardie dag : Ons sal vandag 'n bietjie vinniger kan rij.”

In 'n klein half-uurtjie was ons in die aangewese posisies. Daar het ons in drie klompies verdeel. Helemaal links op 'n koppie was 'n vijftigtal manne saam met Genl. Beyers en Genl. Conroy.

Nog sien ek voor mij geestesoog die figuur van Genl. Beyers naas die van Genl. Conroy op die kruin van

*) Sie Hoofstuk I p. 13.

§) Ons het *die* dag 'n 70 of meer van Kommandant Koen se mense gevang, en hul later laat voetslaan Senekal toe

†) Sie Hoofstuk I p. 15, aantekening 1.

¶) Met sij swart trippelaar rij-perd het hij met die geveg van Bronkhorstfontein op die 18de November 'n hele paar „khakies” ingeja en gevang. Op die 18de November het die „Khaki”-kommando van Kommandant Koen ons te Bronkhorstfontein aangeval, en die dag het ons hul geskraap in die rigting van Senekal, soos hierbo vermeld is.

Dit is waarskijnlijk die rede gewees, waarom die burgers op die 1ste Desember so veglustig was, toe die rapport kom, dat daar weer „khakies” in die nabijheid van Bronkhorstfontein was.

daardie ijsterklip-koppie—soos twee kragtige klippaalhoekbakens in die verte.

In die senter van die posisie was 'n veertigtal manne onder een van die veldkornette, en op die regterpunt was Genl. Bert Weessls met sowat 'n tiental manne. Enkele burgers was besig om gedurig heen en weer te rij om boodskappe oor en weer te bring. Ons vriendekringetjie, die „Ug”*, het deel uitgemaak van Genl. Bert Wessels se manskappe op die regterpunt. Toe ons in die posisies kom, toe sien ons onderkant ons aan die kant van die digte doornbosse van Doornberg die perde van die vijand loop. Die spioene van die vijand was in die punt van die randjies reg voor ons. Ons het deur die verkijker die perde van die vijand getel, wat moeilik was wegens die bome, en na die aantal perde het ons die vijand geskat op min of meer ses honderd. En toe merk ons, dat daar kort bokant Koolspruit §) op die vlakte met die grootpad van Ventersburg af na Doornberg toe 'n twintigtal waens aankom, die koswaens van die vijand.

„Willem”, sê ek teën mij kommando-maat, „hier langs dieselfde paaië het die Engelse kolomme veertien jaar gelede agter die Boere †) aangetrek; en nou trek hier Boere, terwille van dieselfde Engelse, agter Boere aan. Hoe verstaan jii dit, man?”

„Moenie nog met mij daaroor praat nie, man,” sê hij,” as ek dit sien, dan word ek so kwaad, dat ek somer kan moor.”

*) Sie Hoofstuk I p. 18, aantekening 1.

§) Sie die Kaart van die O.V.S. agterin.

†) Ek gebruik die spelling „Boer” (met 'n hoofletter) vir „Afrikaner,” en „boer” (met 'n kleinletter) vir „plattelandsbewoner.”

Daar op die warme rooi ijsterklip-koppies het ons 'n uur of meer in die skroeiende son gesit, terwyl ons die beweginge van die vijand in die oog hou, en beraadslaag, wat ons te doen staan. Dit was duidelik, dat ons hier te doen had met 'n sterke kolom van die vijand, waarteën ons klompie sleggewapende manne nie bestand was nie; ons sou hul dus nie met sukses kon teënstand bied nie, laat staan aanval.

Daarbij was die posisie biesonder gunstig vir hul om omtrekbeweginge te maak. Verder had Genl. Van Niekerk, van Lindley, en Veldkornet Smit g'n gehoor gegee nie aan ons rapporte om onmiddellik met al hul manskappe oor te kom van Platvoet af na Paddafontein toe om ons te kom versterk, sodat ons, met Kapt. Bosch ¶) se Spioen-korps en al, uiters 'n honderd en twintig man kon gewees het. Ons het derhalve besluit om oor Paddafontein langs terug te trek, en daar het ons rit van Doornberg na Vaalrivier begin. (Sie meegaande „Kaart van die Oranje Vrijstaat met aanwysing van Genl. Beyers se laaste Rit.”

Ons was dubbel teleurgesteld, dat ons onverrigter-sake vir 'n oormag moes terugtrek, en dat Genl. Van Niekerk en Veldkornet Smit nie op ons versoek oorgekom was nie om ons te help. Ons moes teleurgesteld teruggaan na Paddafontein met dieselfde pad waarlangs ons so vrolik gekom was.

Nouveliks het ons die terugtog begin, of die vijand word ons beweging gewaar, en begin ons te agtervolg. Hul het hul kolom in drie afdelinge verdeel, één afdeling het ons reg van agter gevolg, 'n ander het al langs

¶) Sie Hoofstuk I p. 22 aantekening 3 aldaar.

Koolspruit*) opgetrek en al meer en meer regs weggeswaai om ons om te trek, en die derde afdeling het eers parallel met Zandrivier §) opgetrek, en toe links weggeswink agter die rug van Britsberg †) in om met die linkervleugel, wat langs Koolspruit optrek, voor te verenig, en ons so volkome in te sluit. Ons moes dus die aanvallers van agter stuit, en hul belet om te digbij te kom, maar tegelyk moes ons belet, dat reg voor ons 'n poort sou gevorm word, waar ons die terugtog helemaal sou afgesnij word, of waar ons anders nouw sou moes verbij kom. Dit was 'n moeilike taak vir 'n handjie vol manne om uit te voer teënoor 'n kolom, waarvan ieder afdeling groter en beter voorsien was dan ons kleine kommando in sij geheel.

„Genl Beyers, het U nie misskien iets van mij broer, Roelof, gehoor nie?” vra Frank op die terugtog, en sonder om 'n antwoord af te wag, sê hij tot verduideliking : „Hij was in die Pretoria-Kollege, en sou net vir die B.A. eksame skrijwe; maar ek het gehoor, dat dit sij plan was om alles te laat vaar, en bij uw kommando aan te sluit.”

„Mnr. le Roux,” antwoord hij, „ek herinner mij niks van hom nie. Mogelik is hij bij mij kommando uitgekom, maar ek herinner mij daar niks van nie. Daar is baja ander jong kêrels, studente en andere, van die knapste en meest ontwikkelde jong-Afrikaners, wat bij onse kommando's kom aansluit het. Dit is net, wat te verwagte was, dat die jong-Afrikaners van ontwikkeling ook die sou wees, wat nasionale selfrespek besit.”

So het ons gerij en gesels tot bij Paddafontein; maar toe begin die „witbande” hul pas te versnel, en toe

*, §, †,) Sie die Kaart van die O.V.S.

moes ons van 'n gangetjie op 'n galop trek. Toe ons die eerste randjie bokant Paddafontein oortrek, het ons 'n paar manne op die randjie agter-gelaat om te sien wat die vijand se planne was. Die ander burgers het net agter die randjie 'n bietjie gaan stilhou om hul perde 'n oomblik te laat blaas.

„Willem,” sê ek toe teën mij ou maat, „kom hou bietjie mij perde was, dat ek ou Kolbooi kan oorsaal: hij het nuwe-siekte, en is in die laaste paar dae tamelik gedaan gerij—as die „witbande” vandag van plan is om ons te skraap, dan sal hij dit nie maak nie.”

„Man,” sê Willem, „jij kan hom oorsaal, as jij wil, want hij is siek, soos jij sê, en jouw ander perd is ook goed, maar ek kan jou verseker, dat jij op ou Kolbooi kan reken: hij is 'n pure perd. Met die werkstaking in Johannesburg het een van die Senekal kêrels hom na Vereeniging toe gerij, en ou Kolbooi was al die perde en Mozes.”

Ons was nog besig om oor te saal, toe Genl. Conroy met sij appel-bont perd van die randjie afkom, en sê: Hul kom nou vinnig agter aan. Ons moet nou 'n bietjie aanroer na daardie randjies toe,” en met sij sambok wijs hij reg vooruit.

Die vijand het natuurlik gemeen om 'n hele afstand op ons te win deur hul pas te verhaas, sodra ons uit die gesig was; maar ons was van hul beweginge bewus, en trek nou op 'n stijwe galop na die randjies toe, wat Genl. Conroy aangewijs had.

Agter ons kom die vijandige perderuiters reeds swart uit op die randjie, wat ons pas verlaat het. Regs van ons merk ons, dat die afdeling, wat agter Britsberg langs opgetrek het, reeds van die kant van Schaap-

plaats ¶) af inswaai na ons kant toe, terwijl links die afdeling, wat langs Koolspruit opgetrek het, hul bes probeer om vóór ons in die randjies te wees, waarheen ons peil.

Voor ons lê 'n pragtige vlakke, met wuiwende saadgras, waartussen sig hier en daar 'n klompie springbokke vertoon, rustig en kalm, en 'n halfuurtjie te perd voor ons lê, net oorkant Welkomspruit *) in 'n wijse ellemboogswaai die randjies, waar ons die vijand wil stuit, en ons perde wil laat rus.

Ons peil reguit na die linkerpunt van die randjies, en moet nou rijsiesja teën die perderuiters, wat langs Koolspruit opkom, en wat probeer om die posisies vóór ons in te neem. Toe ons die punt van die randjies inja, toe was hul net 'n paar honderd tree agter ons.

Toe ons grondvat, toe breek ons los onder hul. Hul het net so vinnig teruggerij in die rigting van Koolspruit, as hul gekom het, en toe hul eers 'n bietjie onder skoot uit was, en dit het nie lang geduur nie, het hul afgeklim en enige geluksskote op ons probeer, maar verder het ons op die oomblik g'n las meer van hul gehad nie.

Die skote, wat ons op hul gelos het, het ook die „witbande”, wat ons reg van agter gestorm het, tot 'n halt gebring op 'n afstand van min of meer ag honderd tree.

Toe hul op 'n bonnel hul perde inruk, het ons weer onder hul losgebrand met die gevolg, dat 'n hele paar

¶) Die plaas van Mnr. J. Pretorius, *Schaapplaas*, lê agter die rug van Britsberg, en is omtrent 'n uur en 'n half te perd van Modderbult af. Sie p. 57.

*) Die randjies bij *Welkomspruit*, waar ons posisies ingeneem het, lê op die plaas van iemand, wie se naam, volgens die verklaringe van boere, wat daar digbij woon, Arthur Hay(?) moet wees.

perde met saal en toom ruitersloos die veld ingehol het. Of die ruiters afgeskiet §) was, en of hul eenvoudig van slegtigheid afgeval het, was moeilik om uit te maak op die afstand en wegens die verwarring onder die klomp perderuiters. Hul het in elk geval uitmekaar gespat, nes die klompie springbokke, wat in hul onmiddellike nabijheid gewei het.

'n Klompie van hul het van hul perde afgespring en agter klippale en mierhope posisies ingeneem, en ons toe onder die lood gesteek, maar sonder sukses.

Genl. Beyers het al die tyd op die randjie die vijand se beweginge gestaan en dophou, terwyl Genl. Conroy oop en bloot heen en weer gestap het om ons die beste plekke aan te wijs waar om hul te koeël. 'n Skaterlag was sy manier van goedkeuring, as jy op sy aanwysing 'n skoot skiet wat 'n „witband” tot swijge bring, of hom sy posisie haastig laat verander. Genl. Conroy het by daardie skermutseling sake georganiseer en die burgers gedisiplineer op 'n uitstekende wyse.

'n Paar perderuiters van die vijand se regtervleugel het probeer om deur 'n poort in die randjies agter ons posisies in te kom om ons perde dood te skiet. Genl. Conroy het al heel gouw hul oogmerk opgemerk, en toe 'n paar burgers daarheen gestuur om hul op te wag en

§) Volgens die getuie van 'n sekere Mnr. P. J. du Plessis, was die hele kolom van die vijand 1200 tot 1300 man sterk, maar die getal, wat ons agtervolg het, was, volgens hom, 500 tot 600 man. Hij (Mnr. P. J. du Plessis) was met 'n vriend op 'n wa, wat toevallig van Koolspruit af gekom het na die toneel van die vegterij toe, en hij het die skietery gesien. Hij verklaar, dat ons daar 'n paar van die „witbande” raak—en 'n paar doodgeskiet het. Die verklaring van 'n ooggetuie, wat nie aan één van die twee kante deelgeneem het nie, het gewoonlik 'n heel biesondere waarde.

te verwelkom. Bij die eerste welkomsgroete van die paar burgers het die klompie "*khakies*" haastig van plan verander, en verder het ons van daardie spul ook nie meer las gehad nie vir die oomblik.

„Hendrik, man,” sê ek teën Ds. Boshoff, wat langs mij bo op 'n klip sit, terwyl die vijand ons onder van die vlakke af tamelik skerp onder die koeëls steek, „klim af, en kom lê hier agter die klip, moenie jou lewe onnodig in gevaar stel nie.”

„Nee wat,” sê hij, terwyl hij eers sij pijp opsteek, „as hul mij moet raak, dan sal hul mij hier agter die klip ook raak.”

„Nou, haal dan jou wit helmet af: jij maak met jou swart pak en jou wit helmet net 'n teiken van jouself teën die horison.”

„Die son is te warm om mij hoed af te haal,” sê hij bedaard, en *prrrdomm!* skiet hij, met die gevolg, dat ek 'n paar perde uitmekaar sien spat. „Dit is te ver,” sê hij, „'n mens moet maar hul perde skiet, want op die afstand kan 'n mens hul nie raak nie.”

„Dit is nie te ver nie,” sê ek, „want hul maak dit dan vir ons hier tamelik warm.”

„Man,” antwoord hij, „jij moet ook nie altijd ander mense wil doodskiet nie, maak hul maar net 'n bietjie skrik. Ek wens jij wil ophou om te skiet ook, want jou geweer raas te veel in mij ore.”

„Kijk hier, as jij nie lus het om „witbande” te skiet nie, ek het,” en *p-r-r-d-o-m-m!* blaker ek weer los.

„Aaitsa!” sê Koos aan mij linkerkant, „hoe skiet so'n „khakie” mij amper deur mij neus.”

„Burgers!” sê Genl. Conroy, „die klomp daar na Koolspruit se kant toe begin al weer te probeer om ons

om te trek, en die klomp aan ons linkerkant doen dieselfde. Ons het hul nou lang genoeg terug gehou, en ons perde het 'n bietjie gerus. Opklim! burgers, opklim!"

Ons moes nog eers 'n paar honderd tree hardloop om bij ons perde te kom, waar hul agter die randjie deur 'n paar vashouers ingetrek was; en ons vijand onder op die vlakke het toe die kans waargeneem om ons vinnig onder die koeëls te steek.

Met die hardloop na die perde toe, haak mij voet aan iets, en ek onderstebo. „Is jii gewond, Fanie?" skreeuw Frank en Koos gelii. „Nee, kêrels, net geval," en op was ek weer.

Ons het almal veilig ons perde bereik, en was gouw-gouw in die saal, en uit die bereik van die koeëls. Ons het nog af en toe 'n *Koeka! Koeka!* gehoor, wat dan gevolg werd deur die fluit van 'n flouwkop koeël tussen ons, maar gevaar was daar vir die oomblik nie.

Van die randjies bij Welkomspruit, waar ons posisies ingeneem had om die vijand te stuit, is ons oor 'n bult, vanwaar ons afgesak het na 'n plaas langs 'n lopies in die laagte onderkant ons. Dit was die plaas Modderbult †), omtrent 'n uur en 'n half te perd ver van Schaapplaas af. Onderkant ons lê, op 'n afstand van mekaar af, die opstalle van Mnr. Kootjie de Wet en van Mnr. Butler. Toe ons teën die hang van die bult afkom, merk ons, dat die vijand ons vinnig agtervolg van agter af, en dat

†) Ons het later alii gepraat van die gebeurtenis op *Modderbult* as van die affêre bij Butler se plaas; maar bij nader ondersoek het dit mij gebliik, dat die gebeurde bij die opstal van Mnr. Kootjie de Wet plaasgevind het, en nie bij Mnr. Butler se huis nie, wat oorkant die lopies teën die bult lê. (Sii die kaart agterin.)

die klomp wat oorspronkelyk langs Kooispruit opgetrek het, hul bes probeer om ons af te snij.

„Kijk,” sê ek teën een van die burgers, „ons moet die kraal daar links van die huis stormja, en daarvandaan af die punt, wat ons wil voorkeer, terugskiet, anders vang hul vandag die burgers van ons, wat swak perde het.”

„Dit is goed,” sê hij, en sonder om vir verdere bevels te wag, of na ons vriende om te sien, storm ons twee, gevolg deur 'n tiental ander, die kraal.

Toe ons die spruitjie deurgaans onderkant die huis, toe merk ons, dat iemand te perd bij die hoek van die kraal stilhou, en ons met die hoed op die geweer se punt daarheen wink.

„Jong,” sê ek teën die burger naas mij, daar is al seker 'n paar rebelle daar in die kraal wat van 'n ander koers af kom. Kijk! hul wink ons daarheen. Ons sal die „witbande” dus lekker daarvandaan af kan terug piets.”

(Sien die meegaande plattegrondsvoorstelling van die posisie agter in die boek.)

Ons ja die kraal storm, en toe ons in 'n bonnel ons perde inruk bijna teën die muur aan, toe merk ons eers, dat die kraal vol is van „witbande”, wat skreeuw: „Handsop! Handsop! Handsop!” en met hul gewere oor die muur mik op ons.

„Verraad! kêrels, spruit toe!” het ek net geskreeuw, en mij perd met die spore gehaal.

Twee van ons burgers was al reeds van hul perde af op die grond: die één het hul met koue hande gevat, die ander het in die saal gespring, en is saam met ons daaruit.

Ons moes van bijna onder hul neus af 'n afstand van twee- tot driehonderd tree oop en bloot wegja van die

kraal af na die spruitjie toe om skuiling te krij, en hul het ons laat deurloop. Jij hoor maar net *Koeka! Koeka! Koeka!* van die bult af, en vlakbij jou van die kraal af dreun die skote bijna in jouw ore.

Genl. Beyers, Genl. Bert Wessels, Genl. Conroy en Ds. Boshoff, en nog 'n klompie manne, was 'n endjie agter ons, en toe hul merk dat daar onraad bij die huis en die kraal is, toe swaai hul sommer links ¶) weg na die spruit toe af.

Genl. Bert Wessels, Genl. Conroy, en die meerderheid van die burgers het toe weer regs *) weggeswaai, en is toe regs van die huis verbij, en ons het hul nie weer gesien nie.

Toe Genl. Beyers en Ds. Boshoff met hul volgelinge die spruit se walle afgaan, toe merk hul, dat vlakbij hul in die spruit ook „witbande” is. Hul moes toe ook nouw verbijkom nes ons bij die kraal.

Die spruit kon ons dus ook g'n skuiling gee nie. En toe moes ons almaal voor die voet oorkant die bult uit, —onder 'n kruisvuur van drie kante af: van die kraal, van die spruit en van die bult af. Hul het ons die bult uitgepeper, dat ons naderhand tussen die springbokke gerij het, en die arme goed was so verward, as of al die skietery op hul gemik was, inplaas van andersom.

Hoe ons daar almaal, man en perd, ongedeerd uitgekome het, is mij nou nog 'n mirakel, toe te skrijwe aan Gods beskerming en die slegskiet van die „witbande”.

Maar baje van die burgers se handperde het handuitgeruk, en, in baje gevalle, met kos en komberse, die veld in gehol. Daar teën die bult het ou Kolbooi, wat

¶, *) Sie die Kaart agterin.

ek in die hand gehou het, ook handuitgeruk en getrap.

Hoërop teën die bult het ons nog twee „witbande” ontmoet wat weer, omdat *hul* die keer in die minderheid was, vir ons getrap het.

Dit was duidelik, dat ons hier te doen had met 'n klompie regeringstroepe, wat van 'n ander rigting af toevallig op Modderbult uitgekom het, en wat van ons niks af geweet het nie, voordat ons deur hul vriende op hul afgeja werd.


Latere berigte het gemeld, dat hul van die kant van Lindley af gekom was.

Toe ons die bult oorgaan, toe begin die son weg te sink, en, soos die boere sê, die bruin toe te slaan—dan is dit moeilik om 'n Boer te vang. Onse vijande het dit blykbaar ook besef, want hul het die agtervolging toe gestaak. Ons het toe weer almaal bymekaar gekom, ons perde 'n bietjie laat blaas en 'n paar slukke water laat neem, en ons het self ook water gedrink.

Ons was toe 'n veertig man bymekaar. Die ander ses-tig man of meer was, behalwe die één of twee, wat gevange was, saam met Genl. Bert Wessels en Genl. Conroy.

Ons het in die donker nog 'n endjie verder getrek, en toe is ons Bloemspruit deur. (Sie die kaart). Nog 'n endjie verder het ons in 'n holte gehalt, en vandaar het ons 'n paar manne uitgestuur om te kijk of hul niks van Genl. Bert Wessels, van Genl. Conroy, en van hul mense gewaar nie, en 'n paar ander het ons uitgestuur om te gaan kijk of dit veilig was vorentoe.

Terwijl ons daar gewag het op die terugkoms van ons spioene, het Genl. Beyers bij mij twee broers en mij voor ons perde kom lê, en saam met ons het hij kaboe-mielies geëet uit mij seilsak. Die kaboe-mielies was nog



DAEMLER MOTOR VAN GENL. BEYERS WAARIN
GENL. DE LA REY DOODGESKIET IS.



PADDAFONTEIN : DIE WILGERBOME, WAARONDER ONS
GESIT HET IN DIE TUIN.

gaar gemaak deur mij ou kommando-maat, Willem, wat nou van mij af geskeie was. En sou van nou af vir mij self moes kos gaar maak, wat beteken het dat ek daar meestal sonder geblij het: Willem weg, en Kolbooi in die slag: dit was vir mij 'n bijna onherstelbaar verlies.

Die spioene, wat terug gestuur was, het na 'n uur of so kom meld, dat hul van ons vriende g'n taal of tijding kon krij nie, en die andere, wat vooruitgestuur was, het meegedeel, dat dit vorentoe veilig was. Ons het toe op hul aanwysing 'n end verder getrek, en met 'n swaai na die linkerkant toe tereg gekom op die walle van Bloemspruit, net bij 'n soort van 'n drif. Dit het later geblyk dat dit op die plaas Ezelskop van Mnr. David Botha was, waar ons die nag tereg gekom het.

Daar het ons die nag op die walle van Bloemspruit onder 'n paar treurwilgers geslaap.

Mij ou veldmaat was weg, en ek het die nag bij Frank onder sij groot velkombers ingekruip. Rustig het ons die nag daar geslaap na al die vermoeyenis van die dag—die enige rusverstoring was, dat die perde, wat naas ons aan die takke vasgehaak was, af en toe op ons getrap het, maar na die diens van die dag werd dit hul tussen 'n snork en 'n sug spoedig vergewe.

Sag oor ons harde slaapplekke buig die meelijdende treurwilgers hul hoofde neer, soos engele, wat in die nag van storme oor ons waak—vreedsame wagtters oor strijdende mense.

Die môrre vroeg tussen drie en vier uur is ons Bloemspruit weer deur, tussen Ezelskop en Zwartkopjes, die plaas van Mnr. Thomas Botha.

Vandaar het ons in die vroeë môrre iets meer dan 'n uur te perd ver getrek tot op die plaas Slangfontein

van Mnr. P. Kleinhans, onder sij bure bekend as Piet Snor.

Daar het ons ons perde in 'n popelierbos ingetrek in die tuin, sodat hul helemaal onsigbaar was vir die vijand, selfs op 'n korte afstand. Water was bij die hand in 'n spruitjie, wat in kronkelende gang deur die tuin loop, sodat niemand nodig had om hom te vertoon nie. Ons het ons saals onder 'n paar grote wilgerbome en onder 'n appellaning gedra, en daar sou ons die voormiddag gaan rus. Eers moes ons perde water en voer krij—dit is die eerste, wat 'n burger in die veld aan dink. Daarna moes ons vir onself ook sorg—dit was ook nodig, want 'n burger met 'n lege maag is 'n slegte vegsman. Ons het derhalve 'n paar slagskaape vir onself, en 'n klompie gerwe voer vir ons perde gekoop, en verdere behoeftes had ons nie, dan alleen om te rus en te slaap.

„Hul sê, ons twee moet 'n slagskaap gaan haal,” sê Gert.

„Nou ja, vooruit dan;” antwoord ek, en gouw-gouw was ons die randjie uit bij die kraal, vanwaar ek 'n slagskaap op mij skouers tuin toe gedra het.

„Frank, jong,” sê Jan, „Willem en Koos Barnard is nou van ons weg: jij sal nou moet help kos maak. Kom, vanmôrre moet jij help skaap slag.”

„Mij jiemies,” sê Frank; „nou ja, kom Jan, vandag gaan ek help skaap slag: ek het lus vir 'n stuk braai-vlijs vanmôrre.”

Frank het die skaap se pote vas gehou, terwyl Jan geslag het; maar dit was al 'n groot kordaatstuk vir Frank, wat anders liever sij porsie vlijs gaar dan rouw ontvang het.

Toe die slagterij klaar was, sê Frank dan ook dood-

bedoord : „Kêrels, braai bietjie hierdie stukkie vlijs vir mij saam met jul s'n.”

„Sal ons hom nie vir jou eet ook nie?” vra Jan, terwyl hij sijn hande sit en was, en Frank glimlaggend aankijk.

Terwyl ons nog sit en vlijs braai, kom 'n sekere De Beer, wat toevallig op Slangfontein was, bij ons, en gee vir ons boerebeskuite om bij die koffie te eet : dit was 'n weeldeartikkel, wat ons geweet het om reg op prijs te stel.

„Ek sou vanmôrre nog lekkerder geëet het,” sê Frank, „as ek maar net 'n bietjie suiker had vir mij koffie.

„As jij in die veld is,” sê Jan, „dan moet jij jouw suikertande uittrek; maar jul skoolmeesters is ook nes suikerkriekes.”

Dit het nie lang geduur nie, of dit was doodstil daar in die tuin van Slangfontein : die een het na die ander sijn kombers oop gegooi, en sijn kop laat sink tussen die saakklappe in. Slegs hier en daar het die snork van 'n burger of die kap van 'n perd die stilte gesteur.

Toe ons wakker word, sê Jan, terwyl hij sijn oë vrijwe :—

„Soe, ek het lekker geslaap.”

„En ek,” hoor 'n mens van verskillende kante af, behalwe van 'n paar, wat blijkbaar verkies om later eers hul opmerkings te maak.

„Fanie,” sê Jan, „het jij, toe jij en Gert die slagskaap gaan haal het, hier van die randjie af 'n plaas gesien lê—reg oor die tuin, 'n klein endjie hiervandaan? Dit is Zaaiplaats van broer Arend.”

„So,” antwoord ek, „dan is ons nou omtrent twee en 'n half uur te perd van Kroonstad af.”

„Ja,” sê hij, dit is net jammer, dat Arend se vrouwe nie nou bij die huis is nie, anders kon ons vandag daar gaan kos haal, en ook 'n bietjie uitgevra het, of hier nie „khakies” hier rond is nie.”

„Het jul lekker geslaap?” vra Genl. Beyers, wat na ons toe aangestap kom van 'n paar wilgerbome af, waar hij en 'n paar ander burgers geslaap het.

„Ja, Generaal,” antwoord almaal.

„Ek krij hier,” sê hij, terwyl hij naas dominee Boshoff op die grond gaan sit, „nog 'n stuk koerant, waarin ek sien, dat Jack Pienaar met sij kommando nabij Pretoria 'n regeringsaanval afgeslaan het. Ek is blij om te sien, dat hij sij mense nog bijmekaar hou daar. Ek dink ons moet ook maar Transvaal toe deurdruk.”

„Ja,” sê Ds. Boshoff, „dit lijk vir mij, of die meerderheid van die regeringstroepen nou in die noord-oostelike deel van die Vrijstaat gekonsentreer is, en of dit anderkant die spoor tamelik skoon van hul is.”

„Ek wil na Maritz toe,” sê Jan, „sodat 'n mens kan ammunisie krij: wat help dit om hier met 'n paar patrone in jouw broeksak rond te rij? 'n Mens moet volop koeëls hê om die „witbande” te laat deurloop, as hul agter jou kom ja, soos gister. Hul het moes gister baje lekker gekrij om ons ou klompie, wat sonder skietgoed is, te skraap.”

„Om bij Maritz te kom, sal nie so makkelik gaan nie,” antwoord Genl. Beyers.

Die middag het daar 'n paar vrouwe bij ons in die tuin gekom. Hul het vir Genl. Beyers brood en andere eetware gebring.

„Hier is vir die dominee ook 'n brood,” sê één van hul.

„Ek is die dominee se broer,” sê Jan, „en 'n baje

vriendelike kêrel ook, wat biesonder baje hou van vrouwmense.”

„Nou ja,” sê sij, „dan kan jij maar saam met die dominee eet.”

„Jul hoor, kêrels,” sê Jan, „ek roep jul tot getuië, dat ek ook 'n aandeel in hierdie brood het.”

'n Half uurtjie later het Ds. Boshoff 'n korte diens gehou, wat ons almaal bijgewoon het.

Ons verneem toe, dat daar 'n klomp „khakies” is op 'n plaas nie ver van Slangfontein af nie, Daarop word Koos van Niekerk en 'n seun van Mnr. Gideon van Zijl uitgestuur om te spioen, en te kijk waar die „witbande” is, waar ons van gehoor het. Teën sononder moes hul weer terug wees om rapport te doen.

Die burgers word daarna bijmekaar geroep, en Genl. Beyers maak duidelik, dat daar burgers is, wat onder verskillende veldkornette gestaan het, en dat dit wenselik is, dat hul één man kies as offisier, wat die bevel kan gee, en sake kan reël. Hul kies toe eenparig vir Ds. Boshoff. Genl. Beyers en Ds. Boshoff sou dus die leiding van die veertig man op hul neem.

II. VAN SLANGFONTEIN NA VALSCH-RIVIER.

Teën sononder lui die bevel: „Opsaal! burgers, opsaal!” want die besluit was geneem om die nag oor die treinspoor te trek. Ons sou dus van die oostelike deel van die Vrijstaat af oor die hoofspoorlijn trek na die westelike Vrijstaat toe, vanwaar ons dan kon deurtrek Transvaal toe, as ons dit raadsaam mog vind.

Ons het opgesaal, en ons perde in 'n kring bijmekaar getrek in die skemer, en gewag vir die terugkoms van ons twee spioene. Toe hul twee omtrent 'n uur na son-
 onder nog nie terugkom nie, het ons weggetrek van Slangfontein af, en boodskappe agter gelaat, hoe hul agter ons moes aan trek.

Ons is oor Zaaiplaats in die rigting van die spoorlijn. Toe ons 'n uur te perd ver getrek het, hou ons teën die hang van 'n bult stil, om ons perde te laat blaas, en die saals 'n bietjie te lig.

„Wat vir ligte is daardie?” vra ek.

„Dit is Kroonstad,” antwoord iemand in die donker.

Ja, werklik, daar sien ons van die donker bult af onderkant ons die vonkelende skitterliggies van Kroonstad, die militêre basis van 'n paar in „khakie” geklede Boere-kommando's in Engelse diens—hatelike merkteken van die dekadensie van ons arme volk, wreedste ironie in die Suidafrikaanse Geskiedenis—„Khakie-Boere—'n basterd-woord vir 'n basterd-geslag.

„Opklim! burgers,” lui sag die bevel in die donker, en stadig trek ons weer vooruit—die skitterende liggies in dansende rye van ons.

Nadat ons nog 'n uur te perd ver getrek het, was ons dig bij die spoorlijn, waarvan ons in die donker reeds min of meer die koers kan uitmaak.

„Halt!” skreeuw op eens die brandwag van die vijand, want ons het in die donker toevallig reg op 'n paar brandwagte van die vijand afgerij.

„Halt!” word sag maar duidelik onder ons herhaal.

„Moenie skiet nie,” word stil in die donker gefluister, „as ons skiet, dan maak ons net alarm, en 'n mens weet nie in die donker hoeveel van hul daar ooral langs die treinspoor kan wees nie.”

„Halt!” word ons weer luid deur die vijand toege-
roep; en toe hoor ons weer sag: „Links weg swaai langs
die treinspoor af, burgers.”

Die paar vijandige brandwagte het net hul perde bij
mekaar getrek, en ons vir die oomblik verder met rus
gelaat.

Later in dieselfde nag het ons twee agtergeblewe spi-
oene ook in hulle in vasgerij, en hulle twee is toe deur
die brandwagte gevang.

Nauweliks het ons langs die treinspoor afgeswaai,
of hier kom, van die suide kant af, 'n trein aan met sij
heldere één oog in die donkere nag. Die trein was verder
donker, waarskynlik 'n goedere-trein dus.

Ons trek in die teënoorgestelde rigting, en 'n klein
endjie verder trek ons die spoorlijn-draad bij, en toe hoor
jij net *klied! kliek! kliek!* soos die drade gesnij word.
En toe is ons veertigtal almaal deur die opening oor
die spoor tussen Geneva en Holfontein stasies. (Sie die
kaart §).

Vandaar het ons nog 'n uur of so gerij, en toe het ons
afgeklim en met die teuëls in die arm gehaak 'n uurtjie
of meer voor ons perde gaan lê en slaap in die ope veld.

Om drie uur die volgende môrré was ons, na gewoonte,
reeds weer op en in die saal.

Toe die rooidag begin te breek, toe merk ons dat ons
op 'n bijna oneindige vlakke is, 'n vlakke soos †) Jan Cel-

§) Dit het later geblyk, dat ons al langs Blesboklaagte ge-
trek het in die donker.

†) Sie Jan F. E. Celliers „Die Vlakke en andere Gedigte.”

liers van sing. Ons was in die Vrijstaatse ¶ Sandveld met mijle mijle vlakke na alle kante toe—onafgebroke eentonigheid met hier en daar 'n huisstippeltjie en 'n paar regop bome teën die gesigseinder. Vir die Senekal burgers, wat so dig van die Berge *) af kom was dit 'n ongewone skouwspel.

„Dit is 'n lekker wereld die om in te veg,” sê Ds. Boshoff: „Hier kan niemand jou bekruij of vastrek nie, en almaal is hier ewe oop en bloot. Hier kan 'n mens jou vijand van ver sien aankom.”

„Maar hier is g'n plek nie, waar 'n mens jou lijf kan wegsteek,” sê Gert.

„Ja,” sê Ds. Boshoff, „maar die vijand het hier ook g'n plek nie om sij lijf weg te steek. Ek veg in elk geval baje liever hier dan in die bergwereld.”

Reg voor ons teën die horison sien ons enkele bloekombome, merkteken van 'n beroereplaas, waarheen ons peil. Maar ons moes nog lang rij, voordat ons daar kom, want dit is bedriegelik om oor die vlaktes afstande te skat.

Omstreeks nege uur die oggend was ons daar. Dit was Mnr. S. Terreblanche se plaas, Bloemhof, omtrent twee en 'n half uur te perd ver van Kroonstad af. Daar op die plaas het vroeër duisende stuks wild geloop§, en dit was een van die geliefkoosde skietplekke van Lord Selborne en van Mnr Gould-Adams.

¶) Die westelike deel van die Oranje Vrijstaat, namelijk Kroonstad-wes, Hoopstad en Boshof-noord, staan onder die boere bekend as die *Sandveld*.

*) Die oostelike deel van die Oranje Vrijstaat, wat aan Basoetoland grens, namelijk Ladybrand, Ficksburg, Bethlehem en Senekal-oos, staan onder die boere bekend as die *Berge*.

§) Volgens die informasie van aldaar wonende vriende.

Ons het digbij die huis afgesaal langs 'n rij jong bloekomboompies, en ons perde in die dam kort onderkant die huis gaan water gee, en geknelter.

Ons het toe gouw 'n stukkie gaan eet, en ek het nog iets hoor praat van skaap slag, toe was ek reeds weg droomland toe.

Toe ek wakker word, of liever wakker geskud word, hoor ek net : „Perde vang ! burgers, hier is die Engelse !”

Die brandwagte bij die spoorlijn had kennis gegee van ons oortog oor die spoor, en 'n aantal „khaki”—perde-ruiters was ons op ons spoor gevolg van dagbreek af, en ja nou die plaas, waar ons afgesaal is, storm.

'n Aantal van hul peil na die bopunt van die dam, en 'n aantal andere na die damwal, sodat hul ons dus teën die damwater wou vaskeer of anders omtrek. Ons kon hul goed weerstand gebied het van die kraal en die damwal af, want dan had hul op die oop vlakke g'n skuiling nie; maar ons wis nie of ons nie misskien hier te doen had met 'n patrollie van 'n groter kommando wat digbij was, en wat ons dan kon kom vaskeer, en dus word bevel gegee : „Agter die damwal langs deur, burgers !”

Terwyl partij van ons nog ons perde vang, skiet hul al op ons;—Lord Selborne se maats was vandag gekom om op Bloemhof Boere te skiet—maar ons was gouw in die saal, en is almaal op 'n streep agter die damwal langs oorkant teën die bult uit. Toe ons oorkant uitgaan, toe begin hul ons goed te koeël van twee kante af. Op die bult ja ons op 'n vlak waterpan af—dit kon nie hoër of laër nie : ons moes daar dwarsdeur. Toe kon jij net sien water spat ! Anderkant die pan moes ons deur 'n draad. Iemand het vooruit geja en die drade geknip, maar die onderste draad heel gelaat. Toe ons deur die opening ja,

haak 'n ou knol sij poot aan die onderste draad, en toe kon jij baas en perd altwee met hul koppe in die grond sien ploë.

„Ho! nou, oom Homan,” skreeuw daar een laggend, „moenie jouw nek breek nie. Laat die perd dit maar doen, as hij wil.”

„Staan maar goww op, oom,” skreeuw 'n ander, „anders dink die Engelse jij en die perd is altwee geskiet.” „Help mij net mij perd vang,” sê die ontsaalde rijer. Die perd was goww-goww gevang, en Mnr. Homan weer in die saal.

'n End verder trap Mnr. G. Oosthuizen se hings, Monroy, in 'n gat, en oom Gertjie kom op sij kop af, en maak sij hand lelik seer; maar Monroy was ook goww weer gevang, en oom Gert bo.

Die meerderheid van die burgers begin nou regs weg te swaai, maar 'n paar van hul, wat ongelukkig sonder 'n tang was, rij hul in 'n draad vas, en word gevang.

„Kijk,” sê Ds. Boshoff „as ons agter die ander mense aanrij, dan kom hierdie klompie „khakies” aan ons linkerkant te nabij en dan snij hul ons mense voor. Ons moet links wegswaai voor om hul voerpunt, dan druk ons hul vanself terug.”

„Goed,” sê 'n paar van ons, en ons volg hom in die aangewese rigting. Genl. Beyers was bij ons paar, wat nou saam met Ds. Boshoff links wegswaai.

Toe ons 'n endjie verder teën die bult uit trek, toe merk ons, dat Genl. Beyers op sij wit perd begin agter te blij. Ons het eers gemeen, dat hij maar agter langs wou hou, maar hij begin nou hoe langer hoe meer uit te sak na agter.

„Jan ! en Fanie !” roep Ds. Boshoff na ons twee, „ons moet terug : ons moet Genl. Beyers gaan haal. Dit lijk vir mij sij perd is flouw. Ons moet hom uitbring.”

Juis op daardie oomblik spring 'n paar „witbande” 'n paar honderd tree agter Genl. Beyers af en skiet op hom. Ons drie ja toe terug tot bij Genl. Beyers, en terwyl Ds. Boshoff hom vooruit help na 'n paar vervalle en verlate kaffirstrooise, skiet Jan en ek die paar khakies” terug. Maar hul swaai net links weg, en probeer ons weer voorsteek. Jan en ek ja toe tot bij die kaffirstroois-murasies terug; en terwyl Ds. Boshoff daar Genl. Beyers se saal op ons handperd oorsit, brand Jan en ek weer 'n keer los onder die „witbande”.

Van die posisies bij die ou kaffirstrooise het ons gepeil na 'n lae streep randjies, wat 'n half uur verder oor die vlaktes lê. Toe ons die bultjie uitgaan na die randjies toe, sê Frank : Kêrels, mij perd is gedaan. Ek dink, ek moet maar hier afklim, en probeer te voet hier uitkom.”

„Nee wat bog,” sê Ds. Boshoff, „as jij hierdie randjies kan haal, Frank, dan bring ons jou met perd en al uit. Jouw perd is ook nog nie te gedaan nie; rij maar stadig aan.”

Toe ons die rif van die randjies oorgaan, toe spring ons af. Die „khakies” was toe 'n paar honderd tree agter ons langs 'n draad op die vlakke.

„Rij maar op 'n stappie reguit aan met jouw flouw perd,” sê Ds. Boshoff vir Frank.

Terwyl Genl. Beyers met sij verkijker terug staan en kijk, krij ons die klompie „Khakies” onder die koeëls.

„Dit is raak!” †) sê Jan, terwyl één van hul van sij perd afkom.

Nadat ons nog 'n paar skote op hul gevuur het, begin hul terug te trek, en die agtervolging te staak, en toe trek ons agter Frank aan.

Van die randjie se rug af kon ons reeds onderkant ons die doornboom-omsoomde kronkelgange van Valsch-rivier sien.

Ons was nou net ag man bymekaar:—Genl. Beyers, Ds. Boshoff, Jan Pieterse, Frank le Roux, Hennie de Necker, Jan Boshoff, Gert van Niekerk, en die skrijwer.

„Dit is wonderlik”, sê ek dan ook teën Frank, toe ons bij hom kom, „onthou jij, dat ons die ander dag in die koerant gesien het, dat daar net sewe man saam met Genl. De Wet van Vaalrivier af deur is? en hier is ons nou weer net sewe man saam met Genl. Beyers.”

„Ja werkelik,” sê hij, „net sewe.”

'n Endjie verder het ons stilgehou langs 'n vleitjie en ons perde laat drink, en ons het self 'n goeie teug geneem.

„Generaal Beyers”, sal U nie 'n stukkie droë brood neem nie?” vra ek. „Ek het hier nog 'n hele brood, wat ons gister daar in die tuin bij die vrouwens gekrij het.”

„Ja graag,” antwoord hij: „ek het honger.”

En toe word die brood onder ons agmanskap verdeel.

Genl. Beyers en Ds. Boshoff het toe 'n tijd lang deur hul verkijkers gestaan en kijk of hul g'n vijande sien aankom nie, maar daar was van vriend of vijand g'n teken nie.

†) Latere berigte het die juistheid van Jan se opmerking bevestig, namelik, dat ons daar één raak geskiet het,—die been af.

„Waar nou heen, Jan?” vra Genl. Beyers aan Jan Pieterse.

„Ek dink ons moet maar so aftrek na die rivier se kant toe, Generaal,” antwoord hij.

Bij daardie geleentheid het Jan Pieterse ¶) 'n slanke wakkere kêrel, vir die eerste maal van ons ontmoeting met Genl. Beyers af onder ons op die voorgrond gekom: voorheen was hij ons bijna of totaal onbekend. Van daardie oomblik af het hij prominent opgetree as die adjutant van Genl. Beyers, alhoewel hij dit blykbaar toe reeds enige tijd was.

„Moet ons hier reg op die rivier aftrek Jan?” vra Genl. Beyers weer aan hom.

„Nee, Generaal,” antwoord hij, „ons moet versigtig wees: hier is baje „Khakie”-Boere hier langs die rivier op. Ek dink ons moet links wegswaai langs die rivier af na Bothaville se kant toe.”

„Jij is dus 'n bietjie lugtig, né Jan?” vra Genl. Beyers spottend aan hom.

„Ja, Generaal,” sê hij; „ons is hier nie ver van Bothaville af nie en ons is in die hoek tussen Valschrivier en Otterspruit—'n mens moet hier maar 'n bietjie lugtig wees.”

¶) Johannes Petrus Pieterse, beter bekend as Jan Pieterse, werd die 23ste September, 1873, op die plaas Modderfontein aan Vaalrivier gebore. Die gewone voorstelling van hom as 'n *jongeling* is dus totaal verkeerd. Hij was reeds oor die veertig jaar, en had 'n vrouw, gebore Anna Maria van Wijk, en vijf kinders, woonagtig op sij plaas, Hartebeestbult, omtrent één uur te perd van Bothaville af. Sij ouers was Ferdinand Pieterse, en Maria Johanna Jordaan. (Hierdie biesonderhede dank ek aan 'n skriftelike mededeling van Mnr. H. Graphorn van Bothaville.)

Sie meegaande portret teënoor p. 76.

„Nou ja, Jan,” sê Genl. Beyers, „jij kan die wereld *) hier langs moes goed; jij moet ons maar lei.”

Ons het 'n endjie verder langs die rivier afgetrek, en toe bij enige randjies kort bokant die rivier ons perde 'n bietjie laat vreet, terwyl ons gesit en kijk het of ons niks van ons vriende merk nie.

Toe daar g'n teken van hul te sien was nie, het ons verder langs die rivier afgetrek, totdat ons bij 'n paar kaffirstrooise gekom het. Daar het ons Genl. Beyers se flouw perd laat agter staan, en vir die kaffirs koffie gegee om vir ons koffie te maak, en toe het ons 'n klein endjie verder teën 'n bultjie uit getrek, en daar afgesaal.

Onderkant ons was Valschrivier en net aan die oorkant daarvan 'n winkel. Verder was net sigbaar die kaal bulte aan die één kant, en die lappe kameeldoorns langs die rivier aan die ander kant.

Nadat ons perde 'n uurtjie afgesaal was, het die kaffirs van die strooise af vir ons die koffie gestuur, en Genl. Beyers se perd laat aanja tot bij ons.

„Dit gaan vanmidag vroeg al reën,” merk Jan Pieterse op .En inderdaad kom daar reeds uit die eindelose ruim oor die verre Vrijstaatse vlaktes vaal-donsige wolgies stil-stil aangesewe, wat bokant ons hoofde dreigend begin same te pak tot 'n stapelbou van donker-grouw graniet, waarin die dreunende donder die naderende stortbui aankondig. Eers kom helder deur die hemel die flitsende blitse, en dan die dof-dreunende

*) Jan Pieterse was gebore en groot geword aan Vaalrivier, en was destijds woonagtig te Hartebeestbult, distrik Bothaville, sodat hij die wereld daar langs goed geken het, wat Genl. Beyers wis. (Mededeling van Mnr. H. Graphorn van Bothaville.)

wolke-orkes met stom-gebrom en trommel-gerommel, en dan breek spuitend die stortbui los.

Ons het ons perde kort geknelter en teën 'n draad vasgekeer, en toe moes ons sonder enige skuiling vir onself daar op die kale bultjie ons porsie ontvang van 'n reënbui, wat tergend spot met alle waterproef reënjasse.

Ons het ons saals op 'n rij klippe naas mekaar gepak, en toe self daarop gaan sit om hul droog te hou, en om mekaar, van één kant af ten minste, teën die bui te beskerm. Misskien het die plan ons getroos, gehelp het dit seker nie, want binne vijf minute was ons reeds rondom dig toe, en ons het sopnat gereën.

„Ons vriende sal nou nooit ons spoor krij nie,” sê Genl. Beyers.

„Ja, en ons vijande ook nie,” voeg ek daarbij.

Na 'n tijd het die reën vir 'n oomblik opgeklaar, en toe merk ons, dat daar 'n klompie perderuiters aankom in die rigting van die kaffirstrooise, waar ons laat koffie maak het. Of dit vriende of vijande was, kon ons, op daardie afstand en in daardie vogtige weer, nie beoordeel nie.

Ons besluit toe om verder langs die rivier af te trek, en vir hul, as hul ons vriende is, boodskappe na te laat waar om heen te gaan. As hul vijande was dan sou hul die boodskappe natuurlik nie krij nie, en dus ook nie handel na ons spesiale voorskrifte nie, en dan sou ons vanself weet met wie ons te doen het.

„Ons moet aftrek na Otterspruit toe,” sê Jan Pieterse.

„Waar moet ons dan vannag heen?” vra Genl. Beyers aan hom.

„Ek dink,” antwoord hij, „ons moet vannag na Barry Richter toe, of na sij ou skoonvader, ou Mnr. Kre-

ling : hul is altwee goed gesind teënoor ons, en ek dink hul sal vir ons perde voer hê."

'n End verder kom ons toe bij 'n opstalletjie op 'n boereplaas, waar ons iemand ontmoet, wat ons vertel, dat hij 'n jonger broer is van Genl. De Wet. Hij deel ons verder mee, dat hij op advies van Genl. De Wet sij geweer weggesteek het, en dat hij nou wag op die terugkoms van die Generaal om weer aan te sluit. Maar hij had 'n stukkie beter nuws dan dit vir ons, namelijk, dat ons bij Mnr. Barry Richter op die plaas Kommandant B. Cilliers met omtrent nege man sou vind.

Ons gee dus die boodskappe vir ons vriende aan hom af, en trek in die rigting van Mnr. Richter se plaas.

Ons was pas van Mnr. De Wet af weg, toe ons die klompie manne te perd na ons sien aankom, wat ons vroeër reeds opgemerk had. Nog wis ons nie of dit vriende of vijande was nie, want hul was nie bij Mnr. De Wet aan gewees nie—dit het ons gesien—en hul kon dus nie ons instruksies volg nie.

„Kijk," sê Ds. Boshoff, „ons moet nou weet wie daardie mense is. Neem jul nou hier agter die damwal posisies in, dan sal ek na hul toe rij. As hul na mij skiet, steek hul dan maar onder die koeëls. As hul mij laat kom tot bij hul, sonder dat ek kan uitvind wie hul is, en hul vang mij, dan sal ek mij hoed afhaal, en dan moet jul probeer om mij los te skiet. As dit ons vriende is, dan sal ek 'n endjie weg rij van hul af."

Térwyl ons agter die damwal posisies inneem en klaar lê met gelaaide geweurs, rij Ds. Boshoff na hul toe. Hij het op 'n afstand reeds gesien dat dit ons vriende was, en het toe maar reg op hul afgerij, en toe hij daar kom, het hij vir ons die teken gegee.



JAN PIETERSE.

Gebore te Modderfontein aan Vaalrivier op 23 September, 1873;
saam met Genl. Beyers in Vaalrivier verdronke op 8
Desember, 1914.

Dit was Oom Gert Oosthuijzen op ou Monroy, en ons andere vriende, wat op Bloemhof van ons afgeraak was.

„Alla wereld!” sê Oom Gertjie, toe hul bij ons kom, „blij om jul weer te sien.”

„Ja,” sê Jan, „maar ons het jul amper met die Mauers gewiks hier van die damwal af. Dan sou jul nie blij gewees het nie om ons weer te sien.”

„Jul moenie so onverskillig wees nie,” sê Mnr. Gideon van Zijl.” Waarom wou jul ons dan skiet?”

„Ons het moes nie gewet of jul nie misskien „witbande” was nie,” antwoord Jan.

„Nee,” sê Oom Gertjie glimlaggend, „die „witbande” het almaal omgedraai daar bij die randjies, waar jul hul onder die koeëls gekrij het.”

„Maar jul is moes nie almaal nie,” sê Ds. Boshoff; „wie is dan weg? en waar is die, wat weg is?”

„Waar is die „blouwbande?” §) vra Jan.

„’n Paar van onse mense,” antwoord Oom Gert Oosthuizen, „is daar agter langs die draad gevang, en die klompie „blouwbande” is van ons af weg: hul is die rivier bolangs deur. Maar ons het jul gesien, en is toe al agter jul aangekom.”

„Dan is jul seker net so papnat as ons?” vra ek.

„Wat!” sê Oom Gertjie, „ons het g’n droë draad aan ons nie; maar nou dat ons weer bij jul is, nou is alles reg. „Alles sal reg kom,” sê Jan Brand moes.”

„Ja, alles sal reg kom,” sê Jan; „maar ou Monroy het amper jouw nek vandag gebreek, né Oom Gert?”

„Ja, so’n ou bog, hij trap moes in ’n gat: Kijk, hoe het hij mij hand seer gemaak.”

§) Vir die „blouwbande” verwijs ek na Hoofstuk I p. 17 aantekening.

„Dit kom daarvan,” sê Jan ondeugend, „as 'n ou man soos 'n jongkêrel spog-spog met 'n hings wil rij.”

„Wag maar, Jannie,” sê Oom Gertjie met 'n glimlag, „spotter krij sij loon. Elke hond krij sij dag.”

Ons trek nou almaal saam af na Mnr. Barry Richter se plaas toe; maar vóór ons daar kom, trek die lug weer skielik toe, en ons reën so papnat, dat die water onder bij ons skoene uitpuil, wanneer ons stijf in die stie-beuëls trap, en toe begin dit ook donker te word.

Genl. Beyers en Jan Pieters is toe vooruit na Mnr. Barry Richter se plaas om te sien om vir ons daar ergens 'n droë plek en vir ons perde voer te krij.

III. TUSSEN VALSCHRIVIER EN OTTERSPRUIT.

Pikdonker kom ons toe druipend nat aan op Mnr. Barry Richter se plaas, Kromdraai Zuid, op die wal van Valsch-rivier, twee uur te perd van Bothaville af, en vijf en twintig minute ver van die plek af, waar Otterspruit in Valsch-rivier loop. (Sie die kaart van die O.V.S.) Daar ontmoet ons toe Kommandant Cilliers met sij paar manne.

Eers het ons ons perde in 'n kampie gaan sit tussen die doornbome op die wal van die rivier, en toe is ons huis toe terug.

Wat was dit die aand nie 'n weelde nie om in 'n droë warme kombuis warm pap met melk en koffie te krij!

Genl. Beyers het die aand in die huis geslaap; partij van onse mense buite in 'n pakkamer, en ons andere

met ons nat klere en al in die kombuis op die grond. Ons het drie onder één kombuistafel geslaap, maar meer het ons dit in die fijnste verebeddens seker nooit geniet nie.

Kommandant Cilliers se mense, wat hul gedurende die dag tamelik droog kon gehou het, sou die nag buite slaap, en tegelyk wag hou: ons kon dus onbekommerd rus, en daardie nag kon jii hoor snork, terwyl dit buite stort van die reën.

Donkervroeg die môrre was ons reeds in die draadkampie bij die perde, waarbij ons 'n paar burgerwagte laat om hul tussen die doornbome te hou, sodat die vijand hul op 'n afstand nie kan sien nie. Die gras was goed onder die bome, en ons perde het daar goed uitgesien na die afmattende rit van die vorige twee dae.

Toe die son 'n uur of wat later opgaan, kon ons eers die ligging en geardheid van Kromdraai Zuid beskouw.

Vrolik glij die pasgebore sonnestrale oor die blinkende waterplasse—aanrekkelikste natuurtoneel vir die Afrikaanse boer. Agter die woonhuis en die waenhuis lê wijd uitgerok in die strelende son die volle dam, langs die boorde waarvan die paddatjies hul krielende koor-sange kier-r-r-r!! terwyl af en toe 'n grootvaderlike padda waarskuwend sij *kwaak! kwaak!* aan die kriejoe-lende kinderskare laat hoor. Pronkend met hul doornpanser staan die kameeldoorns hul in die waterplasse en spieël, en brommend bruis in volle vaart die troebel-rooi watere van Valschriewer vlak voor die voordeur verbij. Selftevrede lag aan die heldere hemel die stralende son, as of dit alles *sij* werk is hier benede: *hij* giet goudstrale uit op die aarde; *hij* trek die waterdampe na die hemel en bouw daarmee 'n digte wolkedak, waardeur hij dan weer skelmpies kom loer, asof hij wegkruipertjie

speel met die mense, die diere, die bome; en met sij stekende strale ja *hij*, nes 'n boer met klappende sweep sij hollende perde met wuiwende mane in die wind, die wemelende wolke-water van Valschrievier van sij opgang na sij ondergang, dag na dag, tot in die golwende see.—*Hij* is baas.

Daardie dag was die burgers besig om gewere te olie, en skoon te maak, en om saals, tooms, halters, kamaste en skoene vet te smeer. Hul nat komberse en goed het hul in die son oop gehang om te droog. Nog die aange-naamste werk van alles was, om, na afloop van hierdie werkies, self te gaan was langs die dam. Naarmate *jij* die *modder* van die vorige dag afgekrij het, het *jij* weer 'n *mens* begin te voel.

Die rivier het al meer en meer gegroei gedurende die loop van die dag, en so vinnig, dat dit duidelik was, dat hij voor die aand helemaal vol sou wees.

Terwyl Genl. Beyers, Ds. Boshoff, Jan Pieterse en ek onder 'n boom voor die huis sit en gesels, kom Kommandant B. Cilliers, van Kroonstad, bij ons. Hij was 'n man van middelbare leeftyd, ongetwijfeld reeds oor die vijftig.

Toe hij sij hand na mij toe uitsteek om te groet, merk ek, dat sij arm slap is, en dat die deur die gesonde arm moes ondersteun word.

„Wat makeer die arm, Kommandant?” vra ek.

„Daar is 'n stuk van die armbeen uitgesaag: dit is waar die Engelse mij in de Boere-Oorlog geskiet het. En nou kan jul seker verstaan waarom ek hier is: ek wil hul 'n kans gee om die ander stuk ook weg te skiet,” antwoord hij ernstig-beslis, terwijl sij gedagte op daardie oomblik seker terug gegaan het na gewonde burgers,

na sterwende vrouwens en kinders, en na afgebrande boere-huise.

Niemand van ons wou dan ook op daardie oomblik sij gedagtegang steur nie en so wag ons kalm op hom om die gesprek weer te hervat.

Kort en bondig het hij ons toe sij jongste ervaringe in die veld meegedeel, waarbij hij meer dan één nouwe ontkoming had, waarvan sij aankoms 'n dag of wat tevore daar op Kromdraai Zuid die laaste was.

Hij was die klas van Afrikaner waar g'n slaaf van te maak is nie.

Teën sononder het ons almaal opgesaal, en saam met Kommandant Cilliers en sij mense 'n end langs die rivier in die bosse opgetrek, en daar langs 'n watervlei bij 'n paar ou vervalle murasies afgesaal en gaan slaap.

Die volgende môrre teën dagbreek moes ons eers skoene uittrek om ons perde te vang, want hul was almaal die watervlei ingegaan, waar die gras mooi was.

„Ek sien mij pêrd vanmôrre nie,” sê Frank. „Ek sal maar wag, totdat almaal hul perde gevang het, dan sal die één, wat oorblij, wel mijne wees, en dan sal daar seker ook 'n bietjie meer lig wees, sodat 'n mens kan sien.”

„En as daar nou nie één oorskiet nie?” vra Jan.

„Dan hoef ek nie virniet mij skoene uit te trek nie om hom in die nat vlei te gaan soek,” antwoord Frank met 'n glimlag van waardering vir die praktiese waarde van sij besluit, terwyl hij sij pijp opsteek as 'n verdere middel teën die natheid van die vlei.

„Jan, ou maat,” sê hij, „as jij miskien mij perd in die vlei krij, bring hom dan as jou blief saam.”

„Vóór jij nie jouw skoene uittrek nie, bring ek hom

nie : jij vat dit al te maklik, jou ou skelm," antwoord Jan.

Dit het 'n hele tijd geduur, voordat al die perde gevang was, en in baje gevalle was dit 'n gesukkel om die span los te krij, wat in die water van die vlei vasgetrek het.

Toe almaal eindelijk in die saal was, en Frank ook, het ons 'n klein endjie terug getrek in die bosse langs die rivier af, en toe het ons onder 'n paar grote kameel-doorns op die wal van Valschriwier afgesaal, en ons perde weer in die draadkampie gesit, waar hul die vorige dag in was.

„Daar moet 'n paar wagte uitgesit word," sê Ds. Boshoff. „Korporaal De Necker, sit jij bietjie 'n paar wagte uit, en reël die aflossing. Ek dink die beste sal wees, as twee-twee man daar na die groot doornboom toe gaan. Die één kan bo in die boom klim, en vandaar met 'n verkijker goed na alle kante kijk, en die ander kan onder die boom staan, om sij maat af te los, as hij moeg word van in die boom staan, of om boodskappe te bring, en om te kom sê, as hul tijd om is."

„Oom Gert Oosthuizen en Jan Boshoff!" roep Hennie de Necker, „gaan staan jul twee bietjie vir 'n uur wag daar bij daardie doornboom," en toe bedui hij vir hul, hoe dit moes gedaan word.

„Ek wens die Engelse vang al jul korporaaals : jul is net hier om 'n man op wag te sit," sê Jan opgeruimd.

„Komaan ! oom Gertjie, ons twee moet vir 'n uur daar bij daardie doornboom soos jakhals en kraai, die één bo en die ander onder, gaan sit."

„Dit is goed, Jannie. Laat ons net eers die dominee se verkijker krij," antwoord hij.

En terwyl oom Gertjie met sij sware lijf bo in die

boom staan, en sij bes doen om met die een hand die verkijker vas te hou, en met die ander teën lewe en dood aan die wiggelende doorntakke vas te klouw, sit Jan onder die boom en vertel vir oom Gert snaakse stories, wat die ou so laat lag, dat hij elke minuut dreig om daar af te tuimel en sij nek te breek, en al die tijd deur soebat oom Gert maar net : „Jannie, ou broer, hou tog nou as jou blief op : ek val vandag nog mij nek hier af.”

Oom Gertjie het dan ook 'n sug van verlossing geslaak, toe sij tijd om was, wat nie te lang geduur het nie, want Jan het die oorlosie, waarmee die brandwagte mos tijd hou, bijna twintig minute aangesit.

„Jul is gouw terug,” sê Korporaal De Necker, toe oom Gert en Jan na die afsaalplek toe aangestap kom.

„Ja,” sê Jan, „die oorlosie loop maar 'n bietjie gouw, as 'n mens met hom bo in die boom klim.”

„Kom, ons gaan kijk of die rivier groei of sak,” sê Genl. Beyers teën mij. „Kijk,” sê hij, toe ons bij die waterkant kom, „nou snij ons 'n stokkie, en dan snij ons daar merke aan. Dan steek ons hom in die modder aan die kant van die water, en dan kan ons aan die merke sien of die water groei of sak, en hoeveel.”

Die stokkie was skaars ingesteeek, of ons merk, dat die water nog steeds groei, en vinnig ook.

„Dit sal maar moeilik gaan om die rivier deur te swem, as die „khakies” ons hier kom vaskeer,” merk ek op.

„Wel, ek glo, dat die meeste van onse mense nie sal kan deurkom nie, maar persoonlik sien ek lekker kans om die rivier, selfs as hij helemaal vol is, deur te swem : ek het van mij skooldae af altijd tamelik geswem,”

antwoord hij, terwijl hij die krag van die stroom skijn te skat.

„Dan kom U waarskynlik Valschrivier met minder manne deur, as waarmee Genl. De Wet Vaalrivier deur-gekom het.”

„Dit spijt mij,” sê hij, „dat ek nie 'n kans gekrij het nie om hom te sien : dan sou baje moeilikhede uit die weg geruimd gewees het.”

„Wat vir moeilikhede bedoel u, Generaal?” vra ek.

„Wel,” sê hij, „dit was oorspronkelik ewemin Genl. De Wet se bedoeling as mij bedoeling om te rebelleer. Ons wou net protesteer teën die handelwijse van die Regering in sake D.S.W.A. Ons bedoeling was 'n lijdelike verset teën die gebruikmaking van die *Verdedigingsmag* en teën die *kommandering* van burgers vir 'n *aanvallende* oorlog teën D.S.W.A. Die burgers moes, nie persoonlik nie, want dan had dit g'n ander gevolg nie dan om die tronke vol te maak, maar gesamenlik, deur saam die veld in te trek, deur 'n openlike daad aan die Regering en aan die wereld te toon, dat hul die gemene handelwijse van die Regering afkeur, en dat hul hul nie in die diens van Engeland en die "*Empire*" vir rowers sou laat gebruik nie. Maar, soos gewoonlik, het onverantwoordelike persone die sake verbrouw deur die vierkleur te hijs, en van onafhankelikheid te praat, en van Engelse skiet. Verstaan mij goed : ek wens ook om die vierkleur weer oor S. A. te sien waai, en om ons onafhankelikheid terug te krij; maar ek het gemeen en is nog van mening, dat dit later op 'n *Konstitusionele* wijze moet verkrij word, nadat ons protesbeweging teën die politiek van die Regering lang reeds verbij is, en miskien sukses had. Maar Genl. De Wet werd deur sij verskoonbare opgewondenheid en verontwaardiging oor 'n

hele reeks van regeringsdade vanaf die uitsetting van Genl. Hertzog uit die ministerie trapsgewijse tot openlike rebellie gelei, deurdat hij in die laaste tijd gehoor gaan gee het aan sij ondergeskikte offisiere, wat dikwels 'n bietjie heethoofdig was; terwyl Manie Maritz waarskijnlik, soos in die Anglo-Boere Oorlog ook, 'n rebel van oortuiging was. Met mij en mij volgelinge in die Transvaal was die geval helemaal anders dan met Maritz, en ook nie presies soos met Genl. de Wet en die Vrijstatters nie, alhoewel daar ook, en viral uit Westelike Transvaal, Transvalers was, wat eenvoudigweg hul onafhanke-likheid wou terug hê. Persoonlik wou ek hê, dat ons gesamenlik die veld moes intrek, as 'n protes, as 'n soort van demonstrasie, teën 'n aanvallende oorlog teën D.S. W.A. Maar, as die burgers almaal ongewapend veld toe gegaan het, dan sou die Regering hul eenvoudig almaal laat vang en in die tronke gestop het, en dan was die hoofde waarskijnlik gedeporteer, sonder dat iets uitgevoer was—en tog was ek daarvoor, dat die burgers liever almaal *sonder hul gewere* veld toe moes gegaan het. Die gevolg daarvan, dat hul wapens meegeneem het, was, dat hul tog maar altijd moes padgee, want die meerderheid van hul was ongewapend, en alleen in die uiterste gevalle, wanneer daar deur die regeringstroepe op hul geskiet werd, het hul met geweld van wapene hulself verdedig, en hul op 'n onkonstitusionele wijze verweer teën die *dwangmaatreëls* van 'n onsimpatieke Regering. Die gevolg was ten slotte in al die gevalle dieselfde: Manie Maritz, Genl. de Wet en ek is nou feitelik aldrie in openlike rebellie teën die Regering; maar ons is daartoe langs verskillende wege gekom. Persoonlik beskou ek mij werk nog as 'n protes-beweging, en ek sal daarom in die veld blij, solang die Regering in hul gedrags-

lijn volhard, of solang dit God mag behaag om mij in die veld te hou. Al staan ek dus stoksiel-alleen in die veld met niemand bij mij nie, dan blij ek daar nog met mij volle oortuiging, en met die behoud van mij persoonlike en nasionale selfrespek, en mij gewetensvrijheid. Elke dag, wat ek dus langer in die veld blij, is, van mij standpunt af, vir mij 'n oorwinning, al voer ek verder niks uit nie. Al kom ek dus alleen Valsch-rivier deur, dan is ek nog in die veld met mij volle oortuiging vir volk en vaderland. Dit was ook die gees van mij bedankingsbrief. As ek van die begin af wou rebelleer, dan had ek die pragtigste kanse daarvoor. Dan sou ek natuurlik ook nie bedank het nie. Ek kon met die hele Verdedigingsmag en 'n hele klomp burgers en vertrouwelingen na die grens toe gegaan het, en daar openlik gerebelleer het, soos Maritz. Dan had ons kanonne, gewere en ammunisie genoeg; dan had ons 'n sterk gekonsentreerde leger, en die lojaliste kon ons na D.S.W.A. gestuur het, soos Maritz gemaak het. As Genl. De Wet dan in die Vrijstaat opgestaan het, dan was die Unie in ons mag. Maar ek *kon* die daad nie doen nie, alhoewel dit mij sware sielestrijd gekos het om mij gewetensbesware te stel bokant die mogelike behoud van mij nasie en bokant die terugwins van ons onafhankelikheid. Ek het ten slotte gemeen, dat God aan ons ons onafhankelikheid sou teruggee, sonder dat ek sou nodig hê om verraad te speel om dit terug te win. Hij sou wel edeler middele gebruik. Had ek 'n kans gekrij om Genl. De Wet te ontmoet na die noodlottige ontwikkeling van sake, en as ons gesamenlik met die Regering kon geonderhandel het deur bemiddeling van Pres. Steyn, dan twijfel ek vir g'n oomblik daaraan nie, of ons sou 'n oplossing van die moeilikhede

gevind het. Toe sake eenmaal die ongelukkige rigting geneem het, was dit vir mij nog moegelik gewees om na D.S.W.A. toe weg te spring: ek kon nog voor Genl. Kemp daarheen getrek het. Maar ek had te veel eergevoel om mij deur mij mede-Afrikaners of deur die nageslag die verwijt te laat maak, dat ek na D.S.W.A. toe gevlug het om mij lijf vir gevaar weg te steek, terwyl mij medeburgers hier rond geja en vervolg word. Ek wou hier saam met almaal lij en strij vir beginsels, wat mij meer werd is as die behoud van mij posisie of van mij liggaam. Nou blij ek eenvoudig in die veld, totdat die Regeringstroepes mij mag vang, en as hul mij vang dan is ek bereid om 'n verhoor te staan—laat hul dan maar maak met mij, wat hul wil."

Terwyl hij swaarmoedig maar vasberade in die wisselende watere van die stroom sit en staar, en ek nog sit en luister hoe die laaste klanke van sij soetvloeiende stem wegstêrf in die gedruis van Valschrievier, hoor ons op eens Ds. Boshoff na mij roep: „Fanie! Korporaal de Necker sê, dit is jouw en Gert van Niekerk se beurt om te gaan wag staan."

Ek moes, in gehoorsaamheid aan die disipline, maar baje teën mij sin, van Genl. Beyers af weg, van wie ek graag nog meer wou gehoor het; maar ek het sij woorde in mij siel weggelê, want dit was vir mij of hij mij 'n betekenisvolle bladsij in die geslote boek van sij siel getoon had, en toevallig was dit een van die laaste belangrijke gesprekke, wat ek met hom gehad het vóór sij dood.

Toe ek opstaan om te gaan, sê hij nog: „Kijk ons stokkie! die rivier groei nog, en daar kom ook nog meer opdrifsels af," en toe stap hij na Ds. Boshoff toe.

Teën sononder het ons, na gewoonte, ons opgesaalde

perde onder die kameeldoorns in 'n kring getrek, en met die teuëls in die arm gehaak, voor hul gaan staan, terwyl Ds. Boshoff voorgaan met godsdiensoefening.

Terwyl die dominee besig was met die gebed, hoor ons op eens 'n paar perde in klaterende gang snorkend tussen ons perde in loop. Dit was soos vuur in die kruit. In één oomblik ruk bijna al ons perde los, en spat na alle kante toe uiteen die bosse in. Toe kom jii net hoord perde snork en stiebeuëls klink!

Partij burgers wou nog met die hoed die een oog toedruk, en met die ander kijk waar hul perde heen hardloop, maar daar was niks anders aan te doen nie, dan om maar die godsdiensoefening direk te verlaat om al die verwilderde perde weer bijmekaar te krij.

„Oom Gertjie, was dit tog nie ou Monroy se werk nie?” vra ek, terwyl ek mij verskrikte perd staan en paai.

„Nee, dit was 'n ander hings, wat hier agter 'n paar jong perde aan was. Hier is ou Monroy nog,” antwoord hij.

Dit het seker 'n uur geduur, voordat almaal weer hul perde in hande had; maar partij het komberse en andere stiegrieme met stiebeuëls verloor. Toe ons weer almaal bijmekaar was, het ons langs die rivier af na Mnr. Barry Richter se opstal toe gerij.

Toe ons daar kom, roep Ds. Boshoff vir Jan en mij apart in die donker.

„Kijk,” fluister hij in die donker, „wat ek jul twee nou wil vertel, hou jul net vir juiself alleen.”

„Goed,” antwoord ons twee.

„Nou ja,” hervat hij, „Genl. Beyers het 'n plan om deur te gaan Transvaal toe; maar hij wil net 'n paar manne saam met hom neem. Jan Pieterse, sij adjudant,

ken die wereld hier langs goed, en jul twee het die beste perde—Jan Pieterse en jul twee moet saam met hom gaan. Hij wil baje graag hê, dat ek ook moet saam gaan; maar ek sal liever bij hierdie mense blij en hul lei, want hul het mij as hul hoof gekies, en ek kan hul nie in die steek laat nie. Kommandant Cilliers en ek sal dan met onse mense die Engelse hier langs 'n bietjie stof in die oë gooi, en dan kan Genl. Beyers ongemerk met 'n paar manne wegkom Transvaal toe. Voorlopig sal ons nog saam trek, maar vannag of môrre-nag sal ons reeds moet skeie. Hou jul twee dus maar klaar. Is jul gewillig om saam met hom te gaan?"

„Ek is klaar,” antwoord Jan.

„Sê vir Genl. Beyers,” voeg ek daarbij, „ons is bereid om saam met hom te rij net waarheen hij wil, al is dit ook dwars-deur die woestijn. Jan, ou broer, ons twee blij bij Genl. Beyers tot die einde, hoor; maar dit is net jammer, dat Hendrik nie ook met ons kan saamgaan nie.”

IV. VAN VALSCHRIVIER NA VAAL-RIVIER.

Pikdonker is ons die aand van Kromdraai Zuid af weg. Vandaar het ons in die rigting van Otterspruit getrek. Na 'n uurtjie was ons voor die volle spruit. Genl. Beyers, Ds. Boshof en Jan Pieterse is eers deur, en daarna partij van ons. Ds. Boshoff het hom toe uitgetrek om enkele kêrels, wat nie goed kon swem nie, of wie se perde nie in die water wou gaan nie, deur te help. Dit het wel 'n halfuur of meer geduur vóór almaal daar deur was, en die meeste van ons was tamelik nat van die deurswem.

Oorkant Otterspruit (Sic die Kaart van die O.V.S.) het ons die bevel gekrij om wijd uit mekaar te rij, om op die manier nie teën die nat bult 'n duidelike rij spore te laat nie, waarlangs die vijand ons kon agtervolg.

So het ons seker 'n paar uur lang in die donker getrek, totdat ons bij 'n eensame en blykbaar verlate woonhuis in die veld gekom het, waarbij 'n lang, en nog eensamer, ou bloekomboom half staan en slaap, nes 'n reier op sij één been langs die vlei.

Daar het ons in 'n buitehuis mielies gekrij vir ons perde, wat ons aan 'n draad vasgemaak het, en daar het ons tussen die woonhuis en die waenhuis op die kale werf geslaap, terwyl die ou bloekomboom roerloos op brandwag blij staan.

Sondag-môrre, 6 Desember, kom ons teën daglig bij 'n kaal boereplaas langs Zandspruit aan. Die enige teken van 'n opstal was 'n klein wit kalkklip huisie, in die vlaktes verlaat, en 'n paar kwijnende garebome enige tree van die huisie af.

Ons was nou in die eentonige sandveld van Hoopstad.

Die burgers was moeg, en die perde afgemat. Gelukkig vir ons perde was daar volop reën-water in 'n paar vlak waterpannetjies rondom die huis, alhoewel die gras maar skaars was—hier en daar 'n polletjie, soos in die sandveld.

Wat onself betref, ons moes die dag sonder kos blij: daar was g'n slagskaap te krije vir geld nie, en al had ons ook rouw vlijs, dan was daar niks om dit mee gaar te maak nie, want vuurmaakgoed was daar nie, selfs g'n bossies of lang gras nie.

'n Paar van ons had nog 'n stukkie gaar ete in die saalsak; maar ons moes dit so deel en verdeel onder die

vriende, dat elkeen maar net 'n stukkie gekrij het, wat slegs kon dien om die eetlus op te wek.

Mnr. Nel en sijn vrouw, die bewoners van die huisie, sou sorg vir ete vir Genl. Beyers, die dan ook die grootste deel van die dag in die huisie deurgebring het, want hij het 'n bietjie siek gevoel.

Daar was vir ons ook g'n beskutting teën die skroeiende son nie, sodat ons ons gewere in die sagte sandgrond ingedruk het om daarvoor ons komberse te span. Op die manier het ons 'n soort van Arabiese woestijntentjie gemaak, waaronder ons alleen ons koppe kon insteek.

„'n Mens moes vandag ongelooid beesvelle om die son kon trek,” sê Jan.

„Dit is vandag so warm, dat die kraaie gaap—maar hier is ook nie eers kraaie nie,” sê Oom Gert Oosthuizen.

„Die kraaie is ook seker bang, dat 'n mens hul hier sal slag en eet,” sê Jan du Plessis.

„Wel,” sê ou Mnr. Homan,” hierdie plaas is Saterdagagaand laat klaargekom, en ons het Sondag-môrre vroeg op hom uitgekóm.”

„As hul mij eendag hier begrawe,” sê Jan, „dan spook ek nag vir nag, totdat hul mij herbegrawe.”

„Dit is nie nodig om hier te spook nie,” sê Gert, „die withuisie doen dit vanself op die kaal vlakke.”

Die Sondag was vir ons 'n ware rusdag: ons het niks gedoen nie—selfs nie geëet nie—en..... ons het ook niks van die vijand gewaar nie. Die middag het ons in die huisie se koelte, wat so klein was, dat ons nie almaal daarin kon sitplek krij nie, bij mekaar gekóm, terwijl Ds Boshoff 'n korte diens gehou het.

Toe kom daar 'n man met 'n rijwiel bij ons, en vertel vir ons, dat hij gehoor had, dat Genl. De Wet gevang

was. Ons het egter nie veel waarde aan die nuws geheg nie, want ons het gemeen, dat dit maar weer 'n riem-telegram was.

Laat die agtermiddag verneem ons van 'n paar kaffirs, dat daar 'n klomp „khakies” digbij agter die bult is na Valschrievier se kant toe: hul was waarskynlik van Bothaville af gekom.

Daarom het ons die aand gewag, totdat dit eers goed donker was, voordat ons opsaal en trek, sodat onse vijande nie so gemaklik die rigting van ons koers kon agterkom nie, en daarom het ons weer wijd uit mekaar gerij om nie 'n spoor te maak nie.

Maar later het ons verneem, dat daar die aand in die donker 'n rooi lig al agter ons aangetrek het. Dit sal waarskynlik 'n spioen van die vijand gewees het, wat met 'n rooi lig agter sij rug al agter ons aan gerij het om ons rigting vir die vijand aan te dui, sodat hul ons op 'n afstand kon volg.

Terwyl ons so in die donker aan rij, sê Genl. Beyers aan Jan Pieterse: „Jan, ons moet vannag deurdruk Vaalrivier toe; maar as hul ons dan môrre daar wil skraap, dan is ons perde te gedaan om weg te kom. Anders moet ons vannag hier in die veld slaap, en môrre vroeg vóór daglig na 'n plaas toe trek, waar ons vir die dag kan oorblij, sodat ons môrre-nag Vaalrivier toe kan trek met uitgeruste perde. Ken jij so'n plaas hier nabij, waar ons môrre kan oorblij, sonder om onself te veel te laat sien?”

„Ja, Generaal,” antwoord hij na 'n oomblik, „ek dink Wildspruit kort bokant Zandspruit is die regte plek daarvoor. Ons kan ons perde môrre goed daar laat uitrus, en dan môrre-nag wegspring Kommando Drift toe. Dan kan ons nog dieselfde nag Vaalrivier deur.”



VAALRIVIER :— WAAR GENL. BEYERS DIE WATER
IN GEGAAN HET.



VAALRIVIER :— WAAR GENL. BEYERS VERDRONKE IS.



VAALRIVIER, DIE BROEDERSTROOM, WAAR GENERAAL
BEYERS EN JAN PIETERSE IN DIE DOOD VERENIGD IS.

„Nou ja,” sê Genl. Beyers, „dan moet ons vir van-nag net 'n goeie afsaalplek soek, wat nie ver van Wildspruit af is nie. Hoe ver is dit nog daarheen?”

„Soos ons nou trek, nog omtrent twee uur ver, Generaal antwoord hij.

Ons het nog omtrent 'n uur verder getrek, en toe het ons tussen twee waterpanne afgesaal. Aan die één kant was 'n draad, en aan die ander kant die twee waterpanne. Tussen die draad en die water het ons ons perde gespan, en ons het die opening tussen die twee panne afgesluit deur op 'n rij daar te gaan slaap: ons perde kon dus nie wegloop nie.

Ek het pas ingesluimer, toe Jan mij wakker maak, en sê: „Dit is nou jouw beurt om wag te staan. Hier is die oorlosie: as jouw uur om is, dan roep jij vir Frank.”

Gedurende mij brandwag-uur het ek niks gemerk nie, behalwe 'n wilde bokkie, waarskynlik 'n steenbok, wat half-bangerig bij ons in die pan kom water drink het; maar ek het tog al die tijd gevoel, as of daar in die donker één of meer van die vijand se spioene digbij ons was, wat, volgens latere berigte, waarskynlik die geval was.

Toe mij uur om was, het ik Frank geroep en gaan slaap; maar nouweliks was ek weer aan die slaap, of ek word wakker geskud met die woorde: „Opsaal! kêrels, opsaal!”

Teën sonsopgang trek ons die tuin bij Wildspruit binne. Daar was 'n lang rij garebome, 'n paar popelierlanings en heelwat vrugtebome, wat ons en ons perde vir die dag skuiling kon gee.

Ons krij egter die bevel om nie af te saal nie, maar eers te wag, totdat ons informasie omtrent die vijand sou hê.

Ons spioen gaan na die huis toe, en nadat hij alles

uitgevea het, klim hij op die dak; maar hij kom daar haastig weer af, want hier kom op 'n korte afstand van die tuin af omtrent 'n honderd perderuiters van die vijand. Volgens ons later verneem het, was dit 'n honderd en twintig man onder veldkornet Hoffmann.

Ons moes laat trap. „Af na Zandspruit toe, burgers!” sê Jan Pieterse, „daar kan ons hul terughou, terwyl ons altijd stadig aan padgee Vaalrivier se kant toe.”

Ons het direk na Zandspruit toe afgeswaai op 'n stijwe galop, terwyl die „witbande” opdruk van agter af om ons in te haal.

Toe ons bij Zandspruit kom was hul kort agter ons. Daar spring ons toe af bij 'n kraal, en breek los onder hul, met die gevolg, dat hul uit mekaar spat, en vinnig na skuiling soek teën die bult en in die spruit, vanwaar hul ons toe weer skerp onder die koeëls krij.

„Kijk,” sê Genl. Beyers teën mij, „daardie klompie teën die bult wil agter ons rug in kom. Hul ja na daardie kaffirstrooise toe hier agter ons teën die bult: ons moet hul daar weg hou, anders skiet hul onse mense hier bij die kraal van agter af.”

Ek het nie op verdere bevele gewag nie, en ook nie omgekijk nie om te sien wie nog sou volg; maar in 'n wip was ek in die saal, en in volle vaart na die Kaffirstrooise toe, want ons sou hard moes ja om vóór hul daar te wees. Toe ek bij die kaffirstrooise afspring, was Genl. Beyers ook bij, en hij grijp mij perd se teuëls, wat ek in die haas en opgewondenheid sommer gelos had. Ons was die vijand, ongeveer vijftien in getal, skaars met 'n honderd tree voor.

„Skiet hul!” sê Genl. Beyers, en gelijk met die woorde klap die eerste skoot, met die gevolg, dat één van die perderuiters vooroor sink in sij saal, en 'n paar van sij

vriende haastig met hom oor 'n bultjie onder skoot uitja.

Bij die tijd was Frank, Jan en Gert ook bij, en besig om die paar orige perderuiters, wat nou ook vinnig oor die bultjie laat trap, te laat deurloop.

„Ons moet nou weer trap,” sê Genl. Beyers, „anders snij hul ons af van die bult se kant af daar oorkant die spruit.”

Ons wink toe vir onse mense bij die kraal om pad te gee, en toe ons almal saam die spruit deur gaan, toe koeël die „witbande” ons weer van die bult en van die kraal af.

'n End oorkant die spruit het ons bij 'n boereplaas met 'n sink-huis stilgehou, en daar het 'n paar burgers eers gouw hul perde oorgesaal. Vandaar af is 'n paar †) van onse mense onder veldkornet Delport, wat saam met Kommandant Cilliers op Kromdraai Zuid bij ons gekom was, reg die bult oor, en ons het hul nie weer gesien nie.

Maar die meerderheid van ons hou langs die spruit af, en peil na 'n plaas kort onderkant langs die spruit.

Vóór ons daar kom, skiet die „witbande” van die bult af Jan Pieterse se groot bruin hings so'n raps langs die ribbetjies; maar verder kom ons daar sonder 'n skraap af. Bij die plaas, waarheen ons peil, spring ons agter 'n muur af, en skiet op die voorste perderuiters, wat probeer om ons oor die bult langs voor te steek.

„Skiet weer, Jan,” sê Genl. Beyers aan Jan Boshoff.

„As jouw Mauser klap, dan rol daar 'n perd.”

„Ek is vanmôrre moes op mij stukke, soos wanneer ek blesbokke skiet, Generaal,” antwoord hij. „Ek wens

†) Agter die bult het hul bij 'n paar ander rebelle uitgekóm, en, volgens latere berigte, het hul goeie rekenskap van hulself gegee.

net, dat ons net so baje was as hul, en dat ons volop ammunisie had, dan sou ons vanmôrre met hul gewerk het."

Van agter die muur af het ons 'n hele paar perde omgeklink, en waarskynlik ook 'n paar „khakies" geraak. Maar één of twee van onse mense se perde het ingegee, nog vóór hul die plaas ¶) kon haal, en hul het in die slag geblij.

„Hul sal nou nie meer al te begerig wees nie om ons te agtervolg," sê Genl. Beyer. „Ons moet nou met die spruit langs aftrek oor na Vaalrivier toe."

Ons is toe 'n end met die spruit langs af, en toe is ons Zandspruit weer deur na die regterkant toe. (Sie die kaart van die O.V.S.)

Daar wou Frank sij perd, wat wou flouw word, aan 'n boer verruil, en toe hij dit nie kon reg krij nie, het hij, baje teën sij sîn, sij swaar velkombers weggegooi as onnodige gewig.

'n Paar perderuiters van die vijand wou ons verder agtervolg; maar ons klim toe weer af bij 'n ou rondawel en 'n kaffirstroois-murasie langs die spruit, en vandaar brand ons weer los onder hul.

„Pragtig! Jan," sê Genl. Beyers, toe Jan weer 'n perd omklink." Jij alleen het vandag seker 'n stuk of tien perde laat struikel: hul perde sal nou wel skaars word, en dan sal hul ophou om aan te kom."

Hul het ons dan ook nie verder agtervolg nie, en latere berigte *) het Genl. Beyers se opmerking gestaaf,

¶) Vir sover ek weet, is alleen Fanie Nel, die skoonseun van Mnr. H. J. Kilian van Ventersburg, die dag gevang.

*) Die koerant het 'n dag of wat later melding gemaak van bij die 70 perde, wat daardie dag deur ons doodgeskiet, en swaar en lig gekwes is.

namelik, dat ons die dag soveel perde van die vijand gekwes het, dat hul gedwonge was om die agtervolging te staak.

Van die rondawel af, vanwaar ons die „witbande” vir die laaste maal terug geskiet het, het ons van Zandspruit af weggeslaan oor die bult na Vaalrivier toe, wat ons omtrent 'n half-uur te perd onderkant Kommando Drift bereik. (Sien die kaart van die O.V.S.)

HOOFSTUK III.

DIE DOOD VAN GENERAAL BEYERS.

I. DIE LAASTE DAG.

Terwijl ons teën die bult afsak na Vaalrivier toe, sê Jan: „Kêrels, kom ons rij 'n bietjie bij die huis hier onderkant aan: daar kan ons uitvra omtrent die „kha-kies”, en of die rivier vol is.”

En toe is 'n paar van ons op 'n galop vooruit na die huis toe. Bij die huis was net 'n paar jong kaffirs.

„Wie is jul baas?” vra Jan.

„Baas Eksteen *), baas,” antwoord een van hul.

„Waar is hij?” vra ek.

Baas, anderdag mij baas hij loop bij die rivier deur: hij nie weer gekom nie, baas,” was sij antwoord.

„Is jou baas 'n Engelsman of 'n Boer?” vra Jan weer.

„Nee baas, mij baas hij is Boer, baas,” antwoord hij.

„Was hier al Engelse hier?” vra Jan.

*) Die baas van die plaas was die jonge heer A. Eksteen. Hij het 'n week of wat tevore die rivier deurgegaan, soos sij kaffir ons vertel het, en bij Genl. de Wet aangesluit, saam met wie hij gevang is. Later het ons hom op Kimberley in die tronk ontmoet, en deur uit te vra uitgevind, dat ons inderdaad op sij plaas was, en dat dit van sij skape was, wat ons geslag het.

„Nee baas, die Boer, wat hij dra die Engelsman se ou klere, hij was hier, baas,” antwoord hij.

„Was hul baje?”

„Ja baas, troppe.”

„Waar kom hul vandaan?”

„Hier bo, baas,” en met sij hele hand wijs hij na Kommando Drift toe.

„Waar is hul heen?”

„Hij loop weer so, baas,” en weer wijs hij langs Vaalrivier op.

„Het jij nie vir hul vandag gesien nie?”

„Nee baas: ekke hette nie vir hom vandag gesien nie, baas.”

„As die Engelsman weer hier kom, sal jij vir hom loop sê, die Boer hij was hier?”

„Hikona! baas, ekke nie Engelsman se kaffir nie, ekke Boer se kaffir.”

„Is die rivier vol?”

„Ja baas, die water hij is baje, baas,” antwoord hij.

Die kaffirs het ons daarna 'n pot vol gaar mielie-meel pap, 'n dosijn of wat hoendereiers, en 'n paar waterkannetjies vol vars melk gegee.

Toe Genl. Beyers en Ds. Boshoff, wat 'n endjie agter aan gekom het bij ons kom, vra ek: „Genl. Beyers, sal U probeer om 'n paar rouw hoendereiers uit te drink? Hier is 'n paar, as U die eksperiment wil probeer.” „Nee dankie: ek sal liever nie, al het ek honger,” antwoord hij vriendelik.

„Sal U dan 'n bietjie vars melk drink?” vra ek weer.

„Heel graag: dit kan ek wel,” antwoord hij, en smakelik drink hij uit die waterkannetjie die aangebode melk, en reik toe die kannetjie aan Ds. Boshoff met

die woorde: „Nou is dit weer uw beurt. Hoor die melk het lekker gesmaak.”

Van die huis af is ons na die rivier se kant toe: maar kort onderkant die huis het ons bij 'n paar doornbome onderkant 'n klip-bankie stilgehou.

„Hou jul nou maar hier stil; maar moenie afsaal nie,” sê Ds. Boshoff. „Jul kan die tooms uit die perde se bekke haal, en hul 'n bietjie laat vreet; maar jul moet elk oomblik klaar wees om op te klim. Hou Genl. Beyers se perd en mijne ook 'n bietjie vas: ons twee sal daar teën die klip-bankie gaan uitklim om eers te spioen, of ons niks van die „khakies” sien nie, wat vanmorre agter ons aan was, en of hier nie miskien ander „khakies” in die buurt is nie.”

Ds. Boshoff bind toe 'n gekleurde sakdoek om sijn wit helmet om nie al te sigbaar te wees nie, en hij en Genl. Beyers klim die klip-bankie uit, vanwaar hul met hul verkijkers na alle kante sit en spioen.

Intussen haal ons die tooms uit ons perde se bekke, en laat hul die gras onder die doornbome vreet, en enige slukke water neem uit 'n paar klein modderige kuiltjies tussen die bome.

„Hoe laat is dit nou?” vra Mnr. Gideon van Zijl.

„Dit is kwart oor tien,” antwoord iemand.

„Kijk hier loop 'n klompie skape,” sê Mnr. van Zijl; „dit sal seker Eksteen se skape wees. Kom ons vang één, en slag hom. Daar is 'n swart skaap bij: ons kan hom vang, want hij het vir sijn baas die minste waarde. As die „khakies” kom, dan kan ons moes die rouw vlijs saam neem, as dit nog nie gaar is nie.”

„Eén skaap sal nie genoeg wees nie vir ons,” sê Jan.

„Ons is nou vijf en twintig man bij mekaar, en ons het eergister bij Barry Richter laaste geëet, want gister

het ons daar agter op Sonderkos §) niks gehad nie, en vanmôrre het ons nog nie die kans gekrij nie om 'n stukkie te eet, behalwe die paar rouw hoendereiers, wat ons uitgedrink het."

„Nou goed," sê Mnr. Gideon van Zijl, „dan slag ons twee skape—die swart skaap en nog één."

Om kwart voor elf, 'n half uur later, toe Genl. Beyers en Ds. Boshoff van hul spioen-pos af na ons toe terugkom, was die twee skape gevang, geslag, gebraai en kant en klaar opgeëet, behalwe die paar gaar stukkies, wat ons vir hul twee gehou het.

„Wel, jul verstaan die kuns om gou-gou 'n paar skape van die gras af te maak, sê Genl. Beyers, toe hij 'n stuk braaivlijs van ons krij.

„Ja, Generaal," antwoord ek, „toe die weerklink van die skape se blêr daar van die klip-bankie af terug kom, toe was hul al opgeëet."

„Jij het dit nie al te ver mis nie," antwoord hij met 'n glimlag, terwyl hij sij knipmes uithaal om met sij porsie te begin.

„Wat sien jul van die Engelse?" vra Jan Pieterse.

„Twee van die spioene van die klomp, wat vanmôrre agter ons was het hier agter ons op die bult uitgekom, en 'n ruk stil gehou; maar hul is toe weer terug. Verder merk ons niks nie," antwoord Ds. Boshoff.

„Wat nou? Waarheen nou, Jan?" vra Genl. Beyers aan Jan Pieterse, wat Vaalrivier daarlangs goed ken.

„Laat ons eers gaan kijk hoe die rivier lijk," antwoord hij.

§) Met *Sonderkos* het hij natuurlik bedoel die plaas van Nel, waar ons die Sondag sonder kos moes blij.

„Toe ons bij die rivier kom, sê Jan Pieterse : „Nee, Generaal, hij is te vol, ons kan nie deur nie.”

„Nee wat,” antwoord Genl. Beyers, „die walle is hier net te regaf, daarom is die rivier hier smal en diep. Ons moet verder af. Waar die rivier breed en vlak is sal ons wel kan deurgaen. En jij kan aan die opdrifsels sien, dat die rivier sak.”

Toe is ons langs die rivier af tussen die waterkant en 'n rij hoë kranse. Eers het ons perde amper in die modder vas gesit, en daar 'n duidelike rij diep spore gelaat waarlangs die vijand ons kon volg. Daarna moes ons ons weg tussen bome en takke, slote en klippe, heen vleg, totdat ons na 'n half-uur weer bo op die rivier se wal uitgekom het.

„Dit lijk nie of ons die rivier hier langs sal kan deur kom nie,” sê Jan Pieterse weer; maar kom ons rij so af na ou mnr. Jacobs se plaas toe hier kort onderkant. Ek dink hij het 'n skuif : daarmee sal ons kan oorgaan.”

Daarvandaan af is ons al langs die rivier af, en 'n klein endjie verder is ons Zandspruit weer deur na die linkerkant toe. (Sien die kaart van die O.V.S.)

'n End van sij huis af ontmoet ons reeds ou Mnr. Jacobs, van Greyling's Request, te perd.

„Dag mense,” sê hij.

„Dag oom,” antwoord ons.

„Waar gaan jul heen?” vra hij.

„Ons kom hier na u toe,” antwoord Genl. Beyers.

„Hm ! en wat wil jul hê?” vra hij.

„Ons wil hoor of ons uw skuif kan krij om oor die rivier te gaan,” antwoord Jan Pieterse.

„Wanneer wil jul oorgaan?”

„Dit hang van omstandighede af—misskien venaand,” antwoord Jan Pieterse weer.

„Nou ja, dan moet jul hom maar neem: hij lê hier onder langs die water; maar hier is nou niemand om met hom te werk nie, want mij seuns is weg.”

„Ons sal self met hom regkom,” sê Jan Pieterse.

Ons is toe saam met die ou baas na sij huis toe, waar ons brood, koffie en melk gekoop het, terwyl Ds. Boshoff op die waenhuis se dak gestaan en spioen het.

Van ou mnr. Jacobs het ons 'n paar vars perde geruil, en toe is ons, nadat ons eers ons perde in die dammetjie digbij water gegee het, die bult bokant sij huis uit na 'n lap doornbome bo op die bult, 'n end verder langs die rivier af. Daar het ons eers stil gehou en 'n bietjie rond gekijk, en toe 'n klein endjie verder gerij tot bij 'n paar reusagtige doornbome, waar ons afgesaal het.

Genl. Beyers en Ds. Boshoff het 'n klein endjie van ons af bij 'n groot doorn-boom, vanwaar 'n mens 'n goeie oorsig had oor die bulte aan altwee die kante van die rivier, gaan sit en spioen, terwyl ons bij ons saals gelê en rus het.

Na 'n tijdjie kom Ds. Boshoff terug, en sê teën mij: „Gaan neem nou mij plek in daar bij Genl. Beyers, mij oë is nou te moeg van die baje kijk met die verkijker; ek kan nie meer goed sien nie. Ek wil nou ook 'n bietjie rus. Hier is mij verkijker.”

Toe ek bij Genl. Beyers kom, toe kom Kommandant Cilliers en Jan Pieterse ook daarheen aangestap.

„Sien jij iets?” vra Genl. Beyers aan mij, nadat ek 'n tijd lang met die verkijker gesit en kijk het.

„Ja, Generaal, ek sien 'n perderuiter na die rivier toe afrij daar van die bult af, waar ons vanmôrre oorgekom het na die rivier toe. Dit is seker een van hul spioene.

En van hom af rij daar 'n ander een vinnig oor die bult : hij bring seker rapporte weg."

„Ja, ek het hul ook gesien : dit is seker die twee van vanmôrre."

„Sien jij iets aan die oorkant van die rivier?" vra hij weer.

„Ja, Generaal, dit lijk vir mij of daar oorkant teën die bult ook 'n perde ruiters oorgaan in die rigting van daardie blou randjies."

„Ja, nou sien ek hom ook : hij gaan seker na Maquassi toe," sê hij.

„Dit lijk vir mij hul is hier ooral rondom ons," sê Kommandant Cilliers. „Ek dink ons moet nou 'n plan maak om hier weg te kom."

„Het U 'n plan?" vra Genl. Beyers.

„Wel", antwoord hij, „ek dink ons moet venaand almaal afrij na die rivier toe, en dan moet u met 'n paar man die rivier deur met die skuit. Ons sal jul weg help. Dan kan jul môrre vir jul tussen die bosse oorkant die rivier wegsteek, en jul perde laat rus. Ons sal dan hier omspring, en terwyl hul agter ons ja, sal hul jul nie merk nie—dan kan jul moes môrre-nag wegkom. Dit was moes ook uw plan †) daar van Valschrivier af, Generaal Beyers."

„Nee", sê Genl. Beyers, "as ons deur die rivier trek, dan moet ons dieselfde nag oor die treinspoor ook, anders keer hul ons tussen die rivier en die treinspoor vas, en dan is ons van die wal in die sloot. Die treinspoor lê 'n goeie drie uur te perd van die rivier af, en ons kan

†) Sie Hoofstuk II p. 88, waar Ds. Boshoff die plan aan Jan en mij meedeel.

dit nie met ons afgematte perde venaand nog maak nie.”
(Sie die Kaart van die O.V.S.)

„Generaal”, sê Jan Pieterse, „ek dink ons moet verder langs die rivier af. Ons het vanmôrre van die kaf-firs gehoor, dat hier 'n hele klomp „khakies” bij Kommando Drift is, en die klomp, wat vanmôrre agter ons was, weet nou waar ons is, en sal die ander klomp na ons toe lei. Ek vertrou die saak nie hier nie.”

„Hul sal nie venaand nog kom nie,” antwoord Genl. Beyers, „en môre sal hul ons oorkant gaan soek, dan sal hul dink dat ons al deur is. En as ons verder langs die rivier aftrek, dan kom ons al nader en nader aan Hoopstad, waar die regeringstroepe al seker telegrafies omtrent ons gewaarskuw is. Ons moet hier deur, want hier het ons 'n skuit ook, en ons weet nie of ons dit op 'n ander plek sal krij nie. Mij plan is dus om vannag hier te blij en môre moet ons ook vir ons hier tussen die kameeldoorns of onder die walle van die rivier wegsteek, en dan moet jul mij met 'n paar man môre nag deur help, of anders moet ons almaal saam deurgaans Transvaal toe.”

„Ek verkies om hier in die Vrijstaat agter te blij,” sê Kommandant Cilliers.

„Mag ek mij beskeie mening gee, Generaal?” vra ek.

„Ja seker,” antwoord hij, „die beste plan is die beste, van wie dit ook mag kom, en jul jonkkêrels het dikwels net die beste planne.”

„Wel, Generaal, ek dink, dat uw besware teën die plan van Kommandant Cilliers nie alleen gegrond is nie; maar ek wil nog verder daarop wijs, dat daar aan die oorkant van die rivier hierlangs g'n bosse is nie, waar 'n paar man hul, met perde en al, vir 'n dag kan wegsteek nie. Jan Pieterse se plan sal die gevolg hê, dat

ons net ons perde gedaan rij lang die rivier af, en as die „khakies” dan hiervandaan, of van Hoopstad af, of miskien van altwee die kante af, ons teën die rivier kom vasdruk, dan is dit klaar met ons, want ons perde het die laaste week nog nooit werklik gerus nie.

Wat uw plan betref, Generaal, daar is nog groter besware teën. Om nou maar één te noem: uw argument berus net op die mogelijkheid, dat hul ons môrre nie hier sal kom seek nie; maar hul het ons nog nooit 'n enkele dag met rus gelaat nie, as hul geweet het, waar ons was, en daarom is daar g'n hoop nie, dat hul ons vannag en môrre hier met rus sal laat, waar hul ons blykbaar gesien het, want hul spioene is aan alle kante. As hul ons dus môrre nie oorkant krij nie, dan kom hul ons hier in die draai van die rivier vaskeer, en dan is dit klaar met ons. En as hul nie onnosel is nie, sal hul sorg om vannag reeds die skuit ¶) in hande te krij, om niks te sê van môrre nag nie. Daarom het ek 'n ander plan. Ons moet venaand almaal saam na die rivier toe af rij, net vóór son-onder, sodat hul spioene ons nog kan sien. Dan sal hul dink, dat ons wil deurtrek, en planne maak om ons hier te kom vaskeer. Net soos ons bij die rivier kom, sal dit begin donker te word, dan draai ons in die donker op ons eie spore langs om, en dan moet ons terug, die Vrijstaat in na Vetrivier toe, voordat hul ons van agter af helemaal insluit. In die donker sal ons tussen hul kan verbij kom. Mij twee broers ken die wereld langs Vetrivier goed, en ons kan ons in die bosse langs Vetrivier wegsteek, totdat ons 'n gunstiger kans krij

¶) Van onse gevangeners het ons verneem, dat hul werklik reeds die nag (die nag van die 7de Desember) die skuit in hande had.

om deur te gaan Transvaal toe, of om weer bij Genl. Conroy hul uit te kom, want ek het aan hul praat verstaan, dat hul bij Kopje Alleen langs na Vetrivier se kant toe sal peil. Ek dink, dit is die enigste §) plan om uit die moeilikhede hier te kom."

„Dit is seker die beste plan om uit die moeilikhede te kom," antwoord hij, „maar ek is nou te na aan die Transvaal om weer om te draai Vrijstaat toe," en soos 'n Mozes kijk hij verlangend na die land van belofte, wat hij nie mag ingaan nie.

„Dit is die randjies bokant Maquassi daardie. Maquassi Stasie lê net kort onderkant hul. Daar gaan die treinspoor van Kimberley af na Johanensburg toe verby," sê Genl. Beyers na 'n oomblik, terwyl hij met sijn voorvinger daarheen wijs, en toe vervolg hij: „As ek venand in daardie blouw randjies is, dan sal hul mij nie maklik vang nie." (Sien die kaart)

„As ek mag vra, waar wil u eïentlik heen, Generaal?" vra ek.

„Ek wil deur na Schweizer Reneke toe", antwoord hij. „Daar sal ek rapporte van Genl. Kemp krij, en dan sal ek weet, wat om te doen. Waarskijnlik sal ek mij dan in die Bosveld gaan ophou, waar dit vir die regerings-troep moeilik sal wees om mij te vang."

*) Genl. Conroy het min of meer in die rigting getrek, want hij is Vaalrivier bij Bloemhof oor.

§) Onse gevangeners het erken, dat die enigste opening vir ons om nit te kom was om in die donker terug te trek Vrijstaat toe; want ook van die Transvaalse kant van Vaalrivier af het 'n regeringskommando ons voorgetrek, wat op die toneel van die vegterij afgekom het; kort nadat dit verbij was. As ons dus die rivier deur gekom het, dan sou ons eenvoudig in hul vasgerij het.

„En wat is uw plan nou vir venaand, Generaal,” vra ek weer.

„Ek wil nog eers hoor, wat Ds. Boshoff dink, en dan sal ons venaand sien,” antwoord hij.

Die slotsom was dus, dat g'n één plan aangeneem was nie, en dat Genl. Beyers nog helemaal besluiteloos was op daardie oomblik.

Ek het Kommandant Cilliers en Jan Pieterse bij Genl. Beyers gelaat, en toe is ek weer na die burgers toe terug. Ek was pas daar, toe daar 'n seun aangestap kom, wat na kalwers soek.

„Wat is jouw pa se naam, seun?” vra ek.

„Pieterse, oom,” was sij antwoord.

„Waar woon jul?”

„Net hier onderkant langs die rivier, oom.”

„Is dit ver hiervandaan?”

„Nee, dit is net hier kort onderkant, oom.”

„Is jouw pa bij die huis?”

„Nee oom, hij is weg.”

„Waarheen?”

„Saam met die rebelle.” †)

„Saam met die rebelle? Met wie is hij saam?”

„Ek dink hij is saam met Kemp, oom.”

„Is jouw ma bij die huis?”

„Ja, oom.”

„Nou ja, as jouw pa 'n rebel is, soos jij sê, dan sal jouw ma seker aan ons 'n stukkie kos verkoop. Gaan vra, as jou blief, vir jouw ma, of sij nie aan ons 'n brood of enig iets anders om te eet, kan verkoop nie, en dan

†) Volgens latere informasie het die seun vir ons stories vertel.

bring jij dit vir ons. Bring dan sommer vir ons 'n emmer drinkwater ook saam."

Terwyl hij weg was, kom Genl. Beyers, Kommandant Cilliers en Jan Pieterse na ons toe terug, want die son begin al vinnig na die weste te sink.

Na 'n half uur kom die seun terug met 'n emmer drinkwater en 'n brood.

„Mij ma het gesê, sij het net die brood," sê hij teën mij.

„Wat wil sij daarvoor hê?" vra ek.

„Nee oom," antwoord hij, „sij het gesê, oom kan dit maar neem."

„Nou ja, sê vir haar baje dankie, hoor, en neem hierdie shilling daarvoor," sê ek, terwijl ek hom die geld in die hand stop.

„Sal u 'n stukkie brood neem, Generaal Beyers?" vra ek.

„Ja, dankie," antwoord hij, terwijl hij die stukkie brood, wat ek hom gee, in sij jas-sak steek. En toe moes die brood onder die orige vier en twintig man gedeel word—dit was ons aand-ete.

Op eens hoor ons 'n skoot ¶) onderkant langs die rivier af.

„Hier is onraad," sê ek. „Oorkant die rivier is „kha-kies;" hier bo langs die rivier bij Kommando Drift is ook nog; agter ons is die klomp, wat ons vanmôrre geskraap het; en nou gaan dit of hier onder langs die rivier nog meer is. Ons moet hier uit, en ons kan net agteruit na die Vrijstaat se kant toe uit kom."

¶) Ons het later van onse gevangeners gehoor, dat 'n klompie van hul gestuur was om onderkant ons langs die rivier posities in te neem, en dat een van hul per ongeluk die skoot, wat ons gehoor het, van sij geweer laat afaan het.

„Nee wat,” sê Genl. Beyers, „die skoot, wat ons nou hier onder gehoor het, sal maar seker van 'n man wees, wat 'n bok geskiet het. Hul sal moes nie skiet nie, as hul weet, dat ons hier is.”

„Ja, maar miskien weet die, wat hier onder langs die rivier is, nog nie, dat ons hier is,” antwoord Jan Pieterse.

„Opsaal! burgers,” sê Ds. Boshoff, „die son sal nou-nou ondergaan, en dan moet ons klaar wees.”

„Waarheen nou, Hendrik?” vra ek.

„Ek weet ook nie,” antwoord hij. „Genl. Beyers is nog helemaal onbeslis wat om te doen; maar op één punt staan hij vas: hij wil Transvaal toe—hij wil na die Bosveld toe.”

Vanself trek die burgers hul opgesaalde perde in 'n halwe kring om Ds. Boshoff, en met die teuëls in die een hand en die hoed in die ander, skaar hul hul plegtig saam vir die ope lug diens—gewijde erediens in die ope veld, waar mens en boom die Skepper aanbid. Naas Ds. Boshoff staan Genl. Beyers en naas hom, sij adjutant, Jan Pieterse, terwijl die son bloedrooi in die weste wegsink in sij bulte-graf, waaruit hij weer met verjongde glorie sal verrijs en dan—dan sal die dood bij ons wees.

Donker staan die kameeldoorns, met hul arms na die hemel uitgeswaai, sag in die wordende skemer-duister, hul gebede te fluister, terwijl die treurende wilgers nederig hul hoofde buig langs die soom van die gebolge rivier, wat in 'n wijde elleboogswaai om ons heen met sij rooie vloed boosaardig brom.

Met 'n heldere stem lees Ds. Boshoff uit sij sakboek *) 'n stukkie §) voor, en doen dan 'n gebed. Toe hij ophou, begin Genl. Beyers, ernstig en aangedaan, 'n plegtige gebed, dat God die oë van onse vijande mag open vir die reinheid en heiligheid van ons saak, en dat, indien moegelik, geen verdere broeder-bloed mag vergiet word nie, 'n gebed, wat sag en kalm aanvang, soos 'n waterfontein wat in die sonlig borrelend opwel tussen die wuiwende saadgraas, en dan bijna onstuimig maar welluidend, soos geweldige orrelmusiek, in tempo en krag toeneem, totdat dit sig vertroostend-vertrouwelik ontbind in die woorde: „Ik vrees niet, God helpe mij! Amen.”

Intussen staan Jan Pieterse aan die sij van sij geliefde Generaal—sij gebed stuur hij op sonder woorde, enkel in 'n paar luide snikke, wat diepe taal van droefheid praat, wondertaal van noodgevoel.

„Opklim! burgers,” sê Ds. Boshoff, en terwyl ons van die kameeldoorns af weg rij, sê Genl. Beyers teën mij: „Hoe lekker smaak so'n stukkie droë brood tog

*) Hij het bij hom op sak gehad 'n klein sak-boekie deur R. A. Torrey: „Hoort, en uwe ziel zal leven.” Dit is 'n eenvoudige samestelling van Bijbel-tekste toepasselik op verskillende onderwerpe. Daaruit het hij elke aand 'n paar tekste gelees vir 'n korte diens.

§) Later was die impressie algemeen onder ons, dat Ds. Boshoff die aand gelees het uit Jes. 41, waarvan verse 10 en 13 voorkom op bl. 20 en weer op bl. 27 van die in aantekening 1 gemeldê boekie. Ds. Boshoff self kan nie met sekerheid sê nie, welke verse hij die aand gelees het: maar die slotwoorde van Genl. Beyers se gebed, „Ik vrees niet, God helpe mij,” maak dit heel waarskijnlik, dat die twee genoemde verse uit Jes. 41 gelees was, want vers 13 eindig met die woorde: „Vrees niet, Ik help u.”

nie, as jij honger het," en smakelik sit hij die stukkie droë brood, wat ek hom gegee het, en eet.

Van die bult af is ons terug na ou Mnr. Jacobs se huis toe om ons perde in die dammetjie digbij die huis water te gee.

Toe ons daar kom, vra ek aan Ds. Boshoff: „Sal ons nou met die skuit deur gaan?"

„Nee," antwoord hij, „Genl. Beyers wil nie venaand deurgaen nie. Hij is helemaal besluiteloos: ons moet nou maar saam met hom rij, en doen, wat hij begeer."

Van die dammetjie af wou Genl. Beyers weer terug na die bult toe, waar ons die dag gestaan het; maar toe rij ons in die donker verkeerd, en kom 'n end laer af teën die bult uit. Daar hou ons toe op 'n rij stil, en gaan lê voor ons perde, terwyl Jan Pieterse vooruit rij na Winters Hoek toe, die plaas van Pieterse, om sekere dinge te gaan uitvra.

Gedurende Jan Pieterse se afwesigheid het Genl. Beyers 'n paar tree van ons af gaan lê, met sij hande onder sij kop. Wat daar in daardie half-uurtjie van eenzaamheid deur sij siel gegaan het, sal g'n sterveling ooit weet nie—dit blij die verborge geheim van 'n lijdende mensiesiel.

Toe Jan Pieterse terugkom, het ons 'n klein endjie nader na Pieterse se woonhuis toe getrek, en in 'n holte teën die bult afgesaal en ons perde gespan.

II. GENERAAL BEYERS SE DOOD.

Donker-vroeg die volgende môrre, 8 December, 1914, was ons almaal op, en in die saal.

„Korporaal De Necker en Jan Boshoff!" sê Genl. Beyers, „rij jul twee 'n bietjie so teën die bult uit na

die plek toe, waar ons gister onder die kameeldoorns gestaan het, en kijk of die vijand nie miskien agter aan kom nie. Ons sal intussen na die rivier toe af rij, om te sien of ons nie miskien nou hier kan deur gaan nie. Ons sal vir jul laat weet, as jul ook moet afkom na die rivier toe."

„Goed Generaal," was hul antwoord, en weg was hul twee op 'n galop in die donker teën die bult uit.

Terwijl hul twee tussen die donkere doornbome teën die bult uit rij, trek ons bij die woonhuis van Winters Hoek verbij af na die rivier toe.

„Ek sien kans om die rivier deur te swem," sê Genl. Beyers, toe ons in die skemering van die rooidag op die rivierwal stil hou; „maar ek vrees, die meeste van die burgers sal dit nie maak nie: Vaalrivier is te vol. Ons moet maar weer omdraai bult se kant toe, en ons kans af wag."

Swijgend en teleurgesteld draai ons van die rivier af om na die bult toe terug, weer vlakbij Pieterse se huis verbij. Toe ons teën die bult uit rij na ons afsaalplek toe van die vorige dag, sien ons op eens, dat ons twee spioene vinnig na ons toe aangeja kom.

„Daar is onraad," sê Jan Pieterse. „Waarom kom hul vanself terug? Kijk hoe rij hul!"

„Hier is hul agter die bult! Hul kom vinnig aan!" was hul eerste woorde, toe hul bij ons kom.

„Dan moet ons langs die rivier af," sê Genl. Beyers, en hij trek op 'n kort galop langs die rivier af, terwijl die heldere môrre-rooi wegsmelt in die deinsige lig van die dag.

Nouveliks het ons ons koers verander, of Jan sê: „Kijk hier voor ons! Generaal," en toe sien ons, dat

'n klomp perderuiters ons teën die bult voorsteek, en dat ons dit nie sal maak langs die rivier af nie.

„Ons is vasgekeer!” sê Genl. Beyers. „Na die rivier toe terug, burgers! Daar moet ons hul terug hou!”

Toe ons na die rivier toe afswaai, toe kom die vijandige perderuiters aan alle kante agter ons op die bult uit: Klaterend klap die perdepote in die vroeë môrre teën die bult af na Vaalrivier toe. Vóór ons nog die rivier bereik, fluit die eerste koeëls reeds oor ons koppe.

Helder loer die son oor die rand van die bult, toe ons die rivierwal afja op die grens tussen Winters Hoek en Elizabeths Rust. (Sie die kaart).

„Skiet hul terug! Ek sal probeer deur swem”, sê Genl. Beyers.

„Ek gaan saam met U deur, Generaal,” sê Jan Pieterse.

Koeka! Koeka! skiet hul, en *per-r-do-m-m!* klap die eerste skoot van ons kant af.

„Generaal,” sê ek, „die rivier is baie sterk en hij maak hier 'n draai: hul sal jul van die bokant af en van die onderkant af met die rivier langs skiet, as jul in die water gaan. Moenie in die water gaan nie.”

„Ek gaan dit waag,” antwoord hij, terwyl hij sij Mauserpistool †), verkijker, en reënjas van sij lijf af trek, en voor aan die saalboom vasmaak.

„Ek sal mij in elk geval nie so gemaklik gevange gee nie,” sê hij. „Maar gaan uit op die wal, en skiet hul terug! Misskien krij ek 'n kans om deur te swem.”

†) Die Mauserpistool was nog 'n oorblyfsel van die Anglo-Boere Oorlog.

Die verkijker was 'n “Zeiss,” wat hij uit Europa mee gebring had.

Die reënjas was 'n Burberry-waterproef.

Toe ek op die rivierwal uit kom, krij ek Ds. Boshoff regop staan en skiet.

Dit was moeilik om teën die opgaande son die „kha-kies” te sien, wat van ooral tussen die bosse af ’n aanhoudende vuur op ons rig.

„Ek skiet sommer tussen die bosse in, want ek kan hul teën die lig nie sien nie,” sê Gert naas mij, terwijl hij op sij knieë staan en skiet.

Intussen gaan Genl. Beyers en Jan Pieterse die water ¶) in.

Genl. Beyers se blouw perd, wat hij die môrre nie gerij het nie, word eerste die water in gestoot, sonder saal of toom, en peil reguit na die oorkant toe, maar die stroom druk hom ’n bietjie af. Kort agter hom swem Jan Pieterse naas sij bruin rij-perd, terwijl die koeëls om hom in die water klap. Toe die blouw perd dan ook oorkant die water uitgaan, krij hij die skoot agter die blaaië deur, en plof slaan hij neer aan die waterkant.

Genl. Beyers bereik toe net die middel van die stroom met Jan Pieterse se bruin hings, wat die vorige môrre langs Zandspruit lig gekwes was. Hij swem langs die perd, en stuur hom met die een hand, terwijl hij met die ander agter aan die saal vas hou. Maar toe die hings in die stroom kom, wou hij nie verder swem nie, ten spijte van Genl. Beyers se herhaalde poginge om hom te stuur en aan te moedig. Hij ruk Genl. Beyers toe hande uit, en swem na ons kant toe terug. Genl. Beyers draai toe ook om, want hij was toe sonder ’n perd om oorkant mee weg te kom, en gemaklik swem hij op sij rug na ons toe terug, met sij hoed nog op sij kop.

¶) Aan die voet van die wilgerboom aan die waterkant is Genl. Beyers en Jan Pieterse die water in. Sie die portret teën-oor p. 94.

Jan Pieterse was al amper die stroom deur, toe hij sien, hoe Genl. Beyers met sij perd sukkel. Dadelik los hij sij perd, wat veilig verder deur swem, terwyl hij terugswem om Genl. Beyers te kom help.

Intussen hou ons die „khakies” nog terug, wat aanhoudend op ons skiet, en meer nog op Genl. Beyers en Jan Pieterse in die water, sodat die water so spat om hul heen.

Toe Jan Pieterse met die terugkoms weer in die middel van die rivier was, vat die stroom hom mee, en „Help! Help! Help!” was die laaste, wat ons van hom gehoor het, terwyl hij wegsink in die rooie vloed van Vaalrivier*), die grensstroom tussen die Vrijstaat en Transvaal, die broederstroom, wat broeder-Afrikaners van beide kante in die dood verenig.

Genl. Beyers kom toe nog aangeswem na ons kant toe; maar die stroom druk hom 'n endjie af bij ons verbij net om die draai van die rivier, wat op daardie punt, net op die grenslijn van Winters Hoek en Elizabeths Rust, 'n ellemboogswaai maak. (Sie die mee-gaande plattegrondsvoorstelling). Toe Genl. Beyers kort onderkant ons om die draai verbij kom, steek hij, sonder om 'n enkele woord te sê sij hande op in die water. Hij het dit waarskijnlik van vermoedheid §) gedoen; maar ons het dit anders opgevat, want toe Ds. Boshoff dit sien, sê hij teën mij: „Ons kan niks meer doen nie: ons is vasgekeer. Dit lijk vir mij of Genl. Beyers sij hande opgesteek het in die water as 'n teken, dat ons

*) Vaalrivier, die broederstroom, waar Genl. Beyers en Jan Pieterse in die dood verenigd is.

§) Volgens die verklaring van Dr. Veale van Pretoria, het Genl. Beyers aan 'n swak hart gelij. Die inspanning in die water is dus waarskijnlik vir hom te veel gewees.

maar moet oorgee," en terwyl hij sijn wil helmet as 'n teken van oorgawe op sijn geweer se punt steek, skreeuw hij: „Burgers! moenie meer skiet nie: ons gee oor.”

Met eens hou die skietery aan al twee die kante op.

Op daardie oomblik kom Genl. Beyers net by die kant 'n end onderkant ons, en steek sijn hand uit na 'n neerhangende wilgetak †) om die te pak, terwyl een van die „khakies”, 'n jong seun, waarskynlik van die Verdedigingsmag, na hom toe aangehardloop kom, en uitroep: „Wag maar, oomie: ek sal jou nou-nou kom help.”

Op dieselfde moment val daar onverwags 'n skoot ¶) van die kant van die vijand af, en, vóórdat die seun hom kon help, sink Genl. Beyers plotseling weg, terwyl die „khakies” haastig te perd op ons afstorm met die woorde: „Handsop! Handsop! Handsop! en ons klompie *) ontwapen.

Genl. Beyers het intussen net één maal sijn kop so

†) Bij die wilgerboom aan die waterkant links op die portret het Genl. Beyers na 'n tak gegryp, en daar het hij weggesing. Sie portret teenoor p. 94.

¶) Ek bedoel nie, dat die skoot hom getref het, en selfs nie, dat dit op hom genik was: ek vermeld alleen die historiese feit. Dr. Grünberger van Pretoria het, na 'n degelike lijkskouwing, verklaar, dat Genl. Beyers nie getref was nie. Ook Genl. Beyers se klere, wat nou in die besit van sijn vrouw is, vertoon g'n merkteken van 'n koeëlgat nie.

*) Om historiese redene vermeld ek hier „met opgawe van hul adresse, die name (in alfabetiese orde) van die klompie burgers, wat daardie dag aan Vaalrivier gevang is.

1. Ds. H. A. Boshoff, V.D.M. King Williamstown, K.P.
2. J. C. Boshoff, „Grootvlei,” Senekal, O.V.S.
3. S. P. E. Boshoff, M.A., „Grootvlei,” Senekal, O.V.S.
4. Kommandant B. Cilliers, Kopje Alleen, P.K. Roodewal Stasie, Kroonstad, O.V.S.

half uit die water uit gelig, verder die stroom in, en verdwyn, om nie weer voor ons oë te verskijn nie.

„Mag ek hom gaan help?” vra Ds. Boshoff smekend aan onse gevangeneemers §).

Nee, dan probeer jii ook weggom, nes hij, „was die

5. P. G. J. Conradie, Ouwleenkloof, Ventersburg, O.V.S.
6. J. H. Homan, Witpoort, P.K. Bosmansrust, Wolmaransstad, Transvaal.
7. J. L. Homan, Wolmaransstad, Transvaal.
8. K. R. Kleinhans, Roemrijk, P.K. Roodewal Stasie, Kroonstad.
9. H. J. Kilian, Vrijheid, Ventersburg, O.V.S.
10. A. M. Kilian, Vrijheid, Ventersburg, O.V.S.
11. Korporaal H. J. de Necker, Rooikop, P.K. Randjeslaagte, Kroonstad, O.V.S.
12. G. P. van Niekerk, el Paradiso, Senekal, O.V.S.
13. G. C. Oosthuizen, Nooitgedacht, Ventersburg, O.V.S.
14. J. S. Oosthuizen, Platkop, Ventersburg, O.V.S.
15. E. J. du Plessis, Kleinfontein, Ventersburg, O.V.S.
16. B. P. Pretorius, Blauwbank, Steynsrust, Distr. Kroonstad.
17. B. P. Pretorius Jnr., Blauwbank, Steynsrust, Distr. Kroonstad.
18. W. J. Prinsloo, Roemrijk, P.K. Roodewal Stasie, Kroonstad.
19. F. J. le Roux, B.A., Heilbron, O.V.S.
20. B. P. Wolfaardt, Uitvalskop, Schweizer Reneke, Transvaal.
21. G. J. van Zijl, Veelgepraat, Ventersburg, O.V.S.
22. G. J. van Zijl, Jnr., Veelgepraat, Ventersburg, O.V.S.
23. P. H. van Zijl, Veelgepraat, Ventersburg, O.V.S.

*) Die regeringstroepe, wat ons gevang het, het deel uit gemaak van Kommandant van Rensburg se kommando; maar daar was ook veldkornetskappe bij uit die Vrijstaat. Die volgende offisiere was vir sover ek weet daarbij:—


antwoord kortaf, en „Hoera!” skreeuw die „khakies,”
 „Hoera! Hoera! Hoera!”—dit was hul antwoord op
 Genl. Beyers se gebed van die vorige aand—„Hoera!!!”

Veldk. de Necker, 'n broer van ons Korporaal de Necker,
 „ van Deventer,
 „ du Toit,
 „ Bezuidenhout,
 „ Hoffmann,


Kapt. Uijs,

„ Cherry, wat na die geveg eers bij gekom het van die
 Transvaalse kant af.

- ① Die xx [A,B,C,D,E,F.] dui
 aan die posities van die oplaag
 ② Die → 1 dui aan die weg
 deur ons hele kommando ge-
 volg.
 ③ Die → 2 dui die weg aan
 deur Genl. Westels en Genl.
 Conroy gevolg.
 ④ Die → 3 dui die weg
 aan deur mij gevolg.
 ⑤ Die → 4 dui die weg aan
 deur Genl. Dreyers en D.S.
 Boelhoff gevolg.



De Stryker



VERKORTINGE.

- S—Senekal.
 ZR—Zand Rivier.
 Bb—Britsberg.
 Dg.—Doornberg.
 Vs.—Ventersburg.
 Va.—Virginia.
 VW—Ventersburg Weg.
 H.—Holfontein.
 G.—Geneva.
 K.—Kroonstad.
 BS.—Bloem Spruit.
 L.—Lindley.
 Vr.—Valsch Rivier.
 VR.—Vaal Rivier.
 Ks.—Koolspruit.
 VtR.—Vet Rivier.
 Os.—Otter Spruit.
 x...x—Rigting van Rit.
 Be.—Bothaville.
 Kt.—Kommandodrift.
 Zs.—Zand Spruit.
 M.—Maquassi.
 MS.—Maquassi Spruit.
 Wd.—Wolmaransstad.